

**DIE BELEWING VAN SOSIALE  
ONDERSTEUNINGSISTEME DEUR VYFJARIGE  
KLEUTERS UIT HISTORIES BENADEELDE  
GEMEENSKAPPE**

deur

**Margarete Heese**

BA (HONS), HOD, MA ( Algemene Taalwetenskap )

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening

aan die vereistes vir die graad van

**MAGISTER IN DIE OPVOEDKUNDE  
( SPESIALISERINGSONDERWYS )**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH**

**STUDIELEIER : PROF. G. SMIT**

Maart 2003

## **VERKLARING**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

## OPSOMMING

Kleuters uit histories benadeelde gemeenskappe word dikwels nie genoeg in hul vroeë kinderontwikkeling gestimuleer en ondersteun nie. Dit het tot gevolg dat hierdie kinders nie gereed is vir die formele onderrigsituasie wanneer hulle moet skool toe gaan nie.

Uit die literatuur het geblyk dat die ouer, veral die moeder 'n groot verantwoordelikheid het ten opsigte van haar kind se voorskoolse ontwikkeling. In 'n gemeenskap waar ouers in 'n stryd om oorlewing gewikkel is, ontstaan die vraag egter of die ouers in staat is om 'n ondersteuningsrol te vervul. Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel hoe die kleuter sy sosiale ondersteuningsisteme ervaar.

In 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp het vyfjarige kleuters uit 'n histories benadeelde gemeenskap aan die Weskus aan die ondersoek deelgeneem. Uit die ondersoek het geblyk dat die kleuters een van hul ouers of in enkele gevalle 'n ouma as hul vernaamste ondersteuningsstelsel visualiseer. Die feit is egter dat die ouers uit hierdie gemeenskap weens 'n tekort aan tyd, opvoeding en die kennis om hul kleuters te stimuleer nie werklik 'n ondersteuningsrol speel in hul kleuters se vroeë kinderontwikkeling nie.

Om kleuters in hierdie situasie te ondersteun moet hul ouers, maar ook enige ander persone wat betrokke is by die kleuter se ontwikkeling, bewus gemaak word van hul verantwoordelikheid en ook toegerus word met die kennis en vaardighede om dit te kan doen. Dit is belangrik dat intervensiestrategieë nie net op die ouer sal fokus nie, maar op alle ander persone in wie die kleuter vertrou het.

## SUMMARY

Preschool children from historically disadvantaged communities are often not stimulated or supported in their early childhood development. Therefore these children are often not school ready for formal education.

In previous studies it is reported that the mother has an important role to play in the preschool development of her child. In a community where parents are struggling to survive, the question is if those parents are in a position to support their children. The purpose of this study is to ascertain how the preschool child perceives his social support systems.

In a qualitative research design five year old children from a disadvantaged community on the West Coast took part in the study. Out of the study it appears that the preschool child visualizes one of their parents and in some cases a grandparent as their most important support system. The facts however are that the parents in this community due to a shortage of time, education and knowledge of how to stimulate their children, do not play a supporting role in their early childhood development.

To support preschool children in this situation the parents as well as any other people involved should be made aware of their responsibilities in this regard. They should be equipped with the knowledge and competencies to enable them to support their preschool children. It is important that intervention strategies are directed not only at the parents but to all in whom the preschool children place their trust.

## **Dankbetuigings**

Graag spreek ek my opregte dank uit aan :

- ❖ Professor Gerrie Smit vir sy leiding en bystand.
  
- ❖ My gesin, familie en vriende vir hul opregte belangstelling en volgehoue ondersteuning.
  
- ❖ Die skoolhoof, personeel en kleuters van die Sonskyn-crèche.
  
- ❖ Ouers en kleuters van Hopland wat aan die ondersoek deelgeneem het.
  
- ❖ Elizabeth Naude vir die redigering.

## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSUK 1 : Aktualiteit, probleemstelling en doel van ondersoek

<b>1.1 Aanleiding tot en aktualiteit van die ondersoek</b>	<b>1</b>
<b>1.2 Probleemstelling</b>	<b>8</b>
<b>1.3 Doelstelling</b>	<b>9</b>
<b>1.4 Teoretiese raamwerk</b>	<b>10</b>
<b>1.5 Navorsingsparadigma</b>	<b>11</b>
<b>1.6 Navorsingsontwerp</b>	<b>12</b>
<i>1.6.1 Literatuurverkenning</i>	<b>12</b>
<i>1.6.2 Empiriese ondersoek</i>	<b>13</b>
1.6.2.1 Ondersoekgroep	<b>13</b>
1.6.2.2 Data-insameling	<b>13</b>
1.6.2.3 Loodsondersoek	<b>14</b>
1.6.2.4 Ondersoekmetode	<b>14</b>
<b>1.7 Struktuur van aanbidding</b>	<b>15</b>

### HOOFSUK 2 : Literatuurstudie

<b>2.1 Inleiding</b>	<b>16</b>
<b>2.2 Vlakke van ontwikkeling by die vyfjarige kleuter</b>	<b>18</b>
<i>2.2.1 Inleiding</i>	<b>18</b>
<i>2.2.2 Fisieke en motoriese ontwikkeling</i>	<b>20</b>

2.2.3 Kognitiewe ontwikkeling	22
2.2.4 Sosiale ontwikkeling	26
2.2.5 <i>Emosionele ontwikkeling</i>	27
2.2.6 <i>Moreel-normatiewe ontwikkeling</i>	28
<b>2.3 Skoolgereedheid</b>	<b>29</b>
<b>2.4 Sosiale ondersteuningsisteme</b>	<b>31</b>
<b>2.5 Die invloed van negatiewe omgewingsfaktore op die ontwikkeling van die voorskoolse kind</b>	<b>33</b>
2.5.1 <i>Inleiding</i>	33
2.5.2 <i>Die invloed van armoede op vroeë kinderontwikkeling</i>	34
2.5.3 <i>Die invloed van wanvoeding op vroeë kinderontwikkeling</i>	35
2.5.4 <i>Die invloed van mishandeling en verwaarlosing op vroeë kinderontwikkeling</i>	36
2.5.5 <i>Slot</i>	38
<b>2.6 Navorsing wat gedoen is</b>	<b>38</b>
2.6.1 <i>Inleiding</i>	38
2.6.2 <i>Pretorius en Viljoen se ondersoek</i>	39
2.6.3 <i>Dicker, Ferreira en Pretorius se ondersoek</i>	43
2.6.4 <i>Moletsane en Bouwer se ondersoek</i>	45
2.6.5 <i>Slot</i>	49

## HOOFSTUK 3 : Navorsingsontwerp en -metodologie

<b>3.1 Inleiding</b>	<b>50</b>
<b>3.2 Navorsingsmetodologie</b>	<b>50</b>
3.2.1 <i>Kwalitatiewe navorsing</i>	50
3.2.2 <i>Empiriese ondersoek</i>	51
3.2.2.1 Loodsondersoek	51
3.2.2.2 Ondersoekgroep	52
3.2.2.3 Die meetinstrument	53
3.2.2.4 Metode van ondersoek	54
3.2.3 <i>Data-insameling</i>	57
3.2.4 <i>Data-analise</i>	60
<b>3.3 Geldigheid en betroubaarheid van die ondersoek</b>	<b>63</b>
3.3.1 <i>Geldigheid</i>	63
3.3.2 <i>Betroubaarheid</i>	65
<b>3.4 Etiese riglyne</b>	<b>66</b>
<b>3.5 Navorsingsresultate</b>	<b>66</b>
3.5.1 <i>Kleuters in die crèche</i>	67
3.5.2 <i>Die ander groep kleuters</i>	73
<b>3.6 Bespreking van die Navorsingsresultate</b>	<b>81</b>



**HOOFSTUK 4 : Samevattende bevindinge, gevolgtrekkings, implikasies en aanbevelings**

<b>4.1 Bevindinge en gevolgtrekkings</b>	<b>86</b>
<b>4.2 Opvoedkundige implikasies</b>	<b>87</b>
<i>4.2.1 Inleiding</i>	<b>87</b>
<i>4.2.2 Intervensie</i>	<b>88</b>
<i>4.2.3 'n Intervensieprogram vir die Weskuse gemeenskap</i>	<b>92</b>
<b>4.3 Leemtes van die ondersoek</b>	<b>93</b>
<b>4.4 Aanbevelings vir verdere navorsing</b>	<b>94</b>

<b>BYLAAG 1 : Riglyne aan die ouers, crèche-personeel en ander rolspelers</b>	<b>96</b>
---	-----------

<b>BRONNELYS</b>	<b>123</b>
------------------	------------

## HOOFSUK 1

### Aktualiteit, probleemstelling en doel van ondersoek

#### **1.1 Aanleiding tot en aktualiteit van die ondersoek**

“... a good environment is not a luxury but a necessity during the early years of life. It is important to know that it is good to talk to a child, that young children need to play and explore, that experience of touch, sound and sight are vital, that memory and imagination are important for development, that a broad curriculum which teaches a child to notice and to think is crucial and that a secure family life with the affectionate care of adults whom a child can trust and who can set him standards are essential “ ( Brierley 1994 : 3 ).

Baie leerders uit histories benadeelde gemeenskappe in Suid-Afrika gaan met ‘n agterstand ten opsigte van hul ontwikkeling skool toe. Volgens die Nasionale Onderwysdepartement ( 1996 : 6 ) is die gesinne van meer as die helfte van Suid-Afrika se kleuters en kinders uitermate arm. Die ouers in sulke behoeftige gesinne is nie in staat om sonder hulp aan die ontwikkelingsbehoefte van hul kinders te voldoen nie. ‘n Groot

proporsie van hierdie arm ouers het weinig of geen opleiding nie en kan gevolglik nie hul eie kinders voorberei op die formele onderrigssituasie nie.

Die Nasionale Onderwysdepartement \*( 1996 : 7 ) het bevind dat tot op daardie stadium slegs 9-11% van alle Suid-Afrikaanse kinders vanaf geboorte tot ses jaar oud toegang tot publieke of privaat vroeë kinderontwikkelingsfasiliteite gehad het. Dit het tot gevolg dat :

- slegs 2% van kinders onder drie jaar oud van voldagsorg voorsien word
- een uit elke drie Blanke kleuters of kinders 'n diens ten opsigte van vroeë kinderontwikkeling ontvang, teenoor een uit elke ag Indiër- of Kleurlingkinders en een uit elke sestien Swartkinders
- in plattelandse en stedelike gebiede is voldagsorgfasiliteite, crèches en pre-primêre skole in die gemeenskappe van Swart werkende vrouens uiters skaars, gewoonlik ongesubsidieerd en met 'n tekort aan hulpbronne
- slegs ongeveer 2000 kleuters en kinders met spesiale behoeftes bedien word van vroeë kinderontwikkelingsfasiliteite van wie die helfte Blanke kinders is

Volgens Klein en Gilkerson ( soos aangehaal deur Eloff 2001 : 60 ) is kinders die toetssteen van 'n gemeenskap wat gesond is en homself kan handhaaf. Die wyse waarop 'n gemeenskap sy jongste lede behandel, het 'n belangrike invloed op die manier waarop dit sal groei, floreer en aansien by ander geniet.

---

\* Die mees resente bron wat gevind kon word omtrent die Nasionale Onderwysdepartement se siening oor pre-primêre onderwys en vroeë kinderontwikkeling.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks word baie kinders, veral kinders uit voorheen benadeelde gemeenskappe, se ontwikkeling gestrem deur armoede en moontlike negatiewe invloede daarvan. Volgens Biersteker en Robinson ( 2000 : 27 ) leef ses uit elke tien kinders in Suid-Afrika in armoede, wanneer armoede gedefinieer word as die armste 40% van Suid-Afrikaanse huishoudings. Kinders in plattelandse omgewings is armer as kinders in stedelike gebiede.

Volgens Donald ( 1997 : 145 ) is die skadelike verband tussen armoede, wanvoeding en kognitiewe ontwikkeling 'n groot bron tot kommer. Die negatiewe invloed op kognitiewe ontwikkeling is veel meer ingewikkeld as wat eers aanvaar is. Die negatiewe invloed word nie net veroorsaak deur die fisiese skakel tussen kinders se voedselinname en hul breinontwikkeling nie. Die verhouding tussen moeder en kind speel ook 'n rol. Kritieke toestande van armoede en die druk om te probeer oorleef, kan 'n negatiewe invloed op die ma sowel as die kind hê. Beide kan minder na mekaar toe uitreik. Die stimulasie deur die ma en die interaksie tussen ma en kind wat so noodsaaklik is vir kognitiewe ontwikkeling, kan dus negatief beïnvloed word. Gegee die omvang van die armoede en wanvoeding in Suid-Afrika kan die kognitiewe ontwikkeling van 'n groot aantal kinders negatief beïnvloed word.

Donald ( 1997 : 146-147 ) gaan voort deur te verduidelik hoe armoede verder 'n invloed op die rol van die ouer kan hê. Direkte en indirekte invloede soos onvoldoende behuisings en higiëne, onvoldoende toegang tot mediese dienste, wanvoeding, groot gesinne en families, enkelouers, tienerouers, ens. veroorsaak dat ouers nie hul verantwoordelikheid

ten opsigte van hul kinders kan nakom nie. Dit hou 'n risiko in vir kinders se fisieke, neurologiese, kognitiewe, skolastiese, emosionele en sosiale ontwikkeling.

Die Nasionale Onderwysdepartement (1996) se visie vir vroeë kinderontwikkeling is dat dit as fondament sal dien vir die kind en gesinslewe, asook vir toekomstige leer. Dit sal gemoeid wees met die holistiese ontwikkeling van die jong kind en wil 'n omgewing verseker wat gekenmerk word deur veiligheid, onbevooroordeeldheid en kulturele regverdigheid, sodat psigologiese heling, rekonsiliasie en die begin van nasiebou op 'n vroeë ouderdom 'n aanvang sal neem.

Alle kinders, insluitend diegene met spesiale behoeftes, moet die geleentheid kry om as individue in eie reg te ontwikkel, en moet aangemoedig word om lewenslange leerders te word sowel as aktiewe, kreatiewe en kritiese deelnemers in hul gemeenskap ( Die Nasionale Onderwysdepartement 1996 : 9 ).

Die infrastruktuur van vroeë kinderontwikkeling moet ouers, en veral moeders, bevry sodat hulle kan gaan werk en ook beter opleiding kry. Vroue in arm gesinne moet bemagtig word sodat hulle die siklus van armoede, ongeletterdheid en ekonomiese afhanklikheid kan verbreek ( Die Nasionale Onderwysdepartement : 9 ).

Die werklikheid blyk egter te wees dat die Nasionale Onderwysdepartement nie daarin kon slaag om bogenoemde visie te laat realiseer nie. Die grootste probleem is 'n tekort

aan fondse. Volgens Biersteker en Robinson ( 2000 : 42 ) is daar gedurende 1996/1997 minder as 1% van die onderwysbegroting aan pre-primêre onderwys bestee.

Volgens Die Burger ( 27 April 2002 ) het al drie onderwysvakbonde van Suid-Afrika mnr. Kader Asmal, die Nasionale Minister van Onderwys, benewens ander fasette van onderwys, skerp gekritiseer oor die min vordering wat gemaak is in vroeë kinderontwikkeling.

Ten spyte van die negatiewe beeld wat tot dusver geskets is omtrent vroeë kinderontwikkeling in Suid-Afrika, kan die geskikte ondersteuning wat aangewend word, volgens Eloff ( 2001 : 60 ) die invloed van vroeë deprivasie omkeer en die ontwikkeling van aangebore potensiaal tot gevolg hê.

Volgens Donald ( 1997 : 147 ) speel sosiale ondersteuningsnetwerke 'n uiters belangrike rol in die hantering van druk wat deur ouers ervaar word. Hoe groter en sterker die rol van ondersteuningsnetwerke, hoe beter is die ouer(s) se vermoë om die druk te hanteer. Ondersteuning kan kom van 'n eggenoot, familieledede ( die rol van uitgebreide familie is baie belangrik hier ), vriende wat omgee, bure of van plaaslike gemeenskapsorganisasies.

Dit is vanselfsprekend dat nie net die ouer nie, maar ook die kind kan baatvind by sosiale ondersteuningsnetwerke wat binne die betrokke gemeenskap funksioneer. Die probleem is egter dat volwassenes, hetsy die ouers of enige ander volwassene in 'n ondersteuningsrol, glo dat hulle weet wat die kind se behoefte is, dit verstaan en weet hoe

om hierdie behoefte te vervul. Baie navorsing is gedoen oor hoe die histories benadeelde ouer ingelig behoort te word om sy voorskoolse kind te help. Volgens Dicker, Ferreira en Pretorius ( 1996 : 139 ) is milieubenadeelde kleuters dikwels op grond van hul sosio-kultureel en sosio-ekonomies gedepriveerde lewensituasie nie skoolgereed en skoolweerbaar wanneer hulle tot die formele onderrigsituasie toetree nie. Hierdie kleuters ontbeer noodsaaklike skoolgereedmakende ervarings en hierdie tekortkoming manifesteer in die skoolsituasie. Die agterstande maak die kinders besonder opvallend en veroorsaak dat hulle nie suksesvol by die skool kan inskakel en kan baatvind by dit wat die skool bied nie. Volgens Dicker et al. ( 1996 : 139 ) sou ouerbegeleiding, wat daarop gerig is om milieubenadeelde ouers te help om hul opvoedingspraktyke te verbeter, ten einde hul kleuters meer effektief tot skoolgereedheid te begelei in hierdie verband 'n bydrae kon lewer.

Programme is opgestel om sulke ouers te help, en ook programme om voorskoolse kinders uit histories benadeelde gemeenskappe te help om 'skoolgereed' te raak. Een so 'n program in Suid-Afrika wat gerig is op ouers in histories benadeelde gemeenskappe en wat ten doel het om ouers betrokke te kry by die opvoeding van hul kinders, is HIPPY ( Home Instruction Pre-school Programme for Youngsters ). Die program het sy ontstaan in 1991 in Bloemfontein gehad en is veral gemik op ouers met voorskoolse kinders en wat in baie arm, informele gemeenskappe bly. ( De Wet, M., Khrehloa, T., Masheane, M. en Botes, L. :2001 ). Die vraag is egter in hoe 'n mate is die kind se behoeftes bepaal en geïnkorporeer, of hoeveel daarvan is die kind se behoeftes soos veronderstel deur die volwassene.

Ter opsomming kan dus gesê word dat armoede in Suid-Afrika 'n geweldige impak het op vroeë kinderontwikkeling, en dit is veral kinders uit histories benadeelde gemeenskappe wat hierdeur geraak word. Armoede het tot gevolg dat baie ouers min of geen opleiding het en dus nie toegerus is om hul kinders tydens hul vroeë kinderontwikkeling te stimuleer en te ondersteun nie. Verder moet baie ouers werk, maar het nie die nodige dagsorgfasiliteite in hul gemeenskappe aan wie hulle hul kinders kan toevertrou nie.

Hierdie afdeling het begin met 'n aanhaling van Brierley ( 1994 : 3 ) wat die aandag daarop vestig hoe noodsaaklik dit is dat die jong ontwikkelende kind volwassenes moet hê wat vir hom omgee, vertroetel, stimuleer en op wie hy kan vertrou. Die vraag wat ontstaan, is wie sien die jong voorskoolse kind in 'n konteks geteister deur armoede en ander negatiewe omgewingsfaktore as iemand op wie hy kan vertrou.

Hoewel die eerste sewe jaar 'n baie belangrike tydperk in die ontwikkeling van die kind is, word daar vir die doel van hierdie ondersoek gekonsentreer op die vyfjarige kleuter. Die rede waarom daar op die vyfjarige kleuter besluit is, is dat baie van die sesjariges in die gemeenskap waar die ondersoek gedoen word in die pre-primêre klas van die laerskool is. Hulle word dus aan stimulasie blootgestel in die jaar voordat hulle skool toe gaan. Ten spyte daarvan is die graad 1-onderwysers van die laerskool van mening dat die kinders meer gedurende hul vroeë kinderontwikkeling gestimuleer moet word. Verder is die jong kind nie net op hierdie ouderdom ontvanklik vir stimulasie nie, maar reeds vanaf



geboorte. Dit is egter onmoontlik dat die hele spektrum vanaf geboorte tot en met skoolgaande ouderdom in hierdie ondersoek gedek kan word.

Die ondersoek word gedoen in 'n histories benadeelde gemeenskap aan die Weskus. Dit word as vanselfsprekend aanvaar dat die ouer, en spesifiek die moeder, die belangrikste rol speel in die vroeë ontwikkeling van die kind. As ouers egter as gevolg van lang werksure baie afwesig is, is die vraag by wie bring die kleuter die grootste gedeelte van die dag deur en wie ervaar hy as sy grootste bron van ondersteuning.

Op hierdie stadium wil die ondersoeker dit duidelik stel dat hoewel daar deurgaans in hierdie ondersoek na die kleuter met manlike voornaamwoorde verwys word, die voornaamwoorde as onsydig geïnterpreteer moet word. Dit beteken dat daar nie na 'n spesifieke geslag verwys word nie, maar na die kleuter in die algemeen.

## **1.2 Probleemstelling**

Die probleem sentreer rondom die vraag na die vyfjarige kleuter se ervaring of belewing van sy sosiale ondersteuningsisteme :

- Wat identifiseer die vyfjarige kleuter as sy ondersteuningsisteme?
  
- Wat is volgens die vyfjarige kleuter se ervaring die aard van die ondersteuning?

- Watter implikasies hou bogenoemde in vir
  - die vyfjarige kleuter se ondersteuningsisteme soos wat deur die ondersoek geïdentifiseer is
  - die vyfjarige kleuter se voorbereiding vir latere skooltoetrede

### **1.3 Doelstelling**

Die primêre doelstelling van die studie is om in 'n histories benadeelde gemeenskap aan die Weskus die volgende vas te stel:

- die vyfjarige kleuter se beleving van sy sosiale ondersteuningsisteme en wat die aard daarvan is

'n Sekondêre doelstelling is

- om te beskryf wat die implikasies vir voorskoolse ondersteuning in die konteks van die kleuter is
- om riglyne te ontwikkel vir die ondersteuning aan vyfjarige kleuters in hierdie konteks

#### **1.4 Teoretiese raamwerk**

Volgens Donald et al. ( 1997 : 39 ) kan daar nie holisties na die ontwikkeling van die kind gekyk word as dit nie vanuit 'n ekosistemiese perspektief gedoen word nie. Vanuit 'n ekosistemiese perspektief gesien, is daar verskillende vlakke of sisteme binne 'n sosiale konteks. Hierdie sisteme is in 'n dinamiese proses van voortdurende onderlinge interaksie met mekaar. Elke kind vorm deel van 'n spesifieke gesin, familie, portuurgroep, gemeenskap en die samelewing as geheel. Die verskillende rolspelers of komponente van elke sisteem is voortdurend in interaksie met mekaar en het 'n invloed op mekaar. Al die bogenoemde sisteme dra by om die kind se waardes, begrip en aksies te vorm. Enige verandering in die sosiale konteks sal 'n invloed hê op die mate waarin hierdie waardes, begrip en aksies kan verander en ontwikkel.

Dawes en Donald ( 2000 : 4 ) argumenteer dat kinders se persepsies van hul kontekste sentraal staan in 'n mens se verstaan van hoe hulle self by hul ontwikkeling betrokke raak. Dit is dus nie net die omgewing wat 'n invloed op die kind het nie. 'n Mens sou eerder kon sê dat kinders aktiewe deelnemers is aan hul eie ontwikkeling. Die wyse waarop hulle hul omstandighede ervaar, sal 'n invloed hê op hoe hulle reageer teenoor die kontekste waarvan hulle deel is. As 'n jong kind byvoorbeeld 'n positiewe ervaring het ten opsigte van die sosiale wêreld, sal hy nie vrees ervaar indien hy aan onbekende

mense blootgestel word nie, teenoor 'n kind wat onseker voel ten opsigte van die sosiale wêreld om hom ( Dawes en Donald : 4 ).

Omdat die kind nie los van sy konteks gesien kan word nie, vorm 'n ekosistemiese benadering tot die ontwikkeling van die kind die konseptuele raamwerk vir hierdie studie.

Die paradigma waarop hierdie ondersoek steun, is konstruktivisme. Volgens 'n konstruktivistiese benadering neem die mens aktief deel aan sy eie ontwikkeling teenoor 'n positivistiese siening wat ontwikkeling sien as iets wat met die mens gebeur. Die mens konstrueer sy kennis aktief en raak aktief betrokke by ervarings, aktiwiteite en besprekings wat hom uitdaag om sy sosiale en fisiese omgewing te verstaan. Donald et al. ( 1997 : 41 ) argumenteer verder dat kennis sosiaal gekonstrueer word. Dit kom daarop neer dat die mens 'n sosiale wese is en deur sosiale interaksie ontwikkel en kennis uitbrei.

Dit is teen hierdie teoretiese agtergrond dat die ondersoek gedoen sal word.

### **1.5 Navorsingsparadigma**

Omdat hierdie ondersoek vanuit 'n ekosistemiese en sosiaal konstruktivistiese perspektief benader word, is dit belangrik om 'n navorsingsontwerp te gebruik wat hierdie perspektiewe ondersteun. Om hierdie rede word 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp gebruik. Volgens Mertens ( 1998 : 11 ) is een van die basiese beginsels van die kwalitatiewe navorsingsparadigma dat werklikheid sosiaal gekonstrueer word:

“...knowledge is socially constructed by people active in the research process, and that researchers should attempt to understand the ‘complex world of lived experience from the point of view of those who live it’.” (Mertens 1998 : 11 )

Die kwalitatiewe navorser verwerp die idee dat daar ‘n enkele objektiewe werklikheid bestaan, maar stel homself ten doel om veelvoudige sosiale konstruksies van betekenis en kennis te verstaan.

‘n Verdere rede waarom ‘n kwalitatiewe navorsingsontwerp gebruik word, is omdat vyfjarige kleuters aan die ondersoek deelneem. Hulle kan nog nie lees en skryf nie en gevolglik nie vraelyste of ander geskrewe instrumente gebruik nie.

## **1.6 Navorsingsontwerp**

### *1.6.1 Literatuurverkenning*

Die literatuur is verken om die probleem wat in afdeling 1.2 geformuleer is in perspektief te plaas. Aspekte wat ‘n invloed het op hoe kleuters hul ondersteuningsisteme ervaar, byvoorbeeld stimulasie gedurende vroeë kinderontwikkeling, negatiewe omgewingsfaktore, ensovoorts is bestudeer. Daar word ook verwys na navorsing wat rondom hierdie probleem gedoen is.

## *1.6.2 Empiriese ondersoek*

### 1.6.2.1 Onderzoekgroep

Twaalf vyfjarige kleuters uit 'n histories benadeelde gemeenskap aan die Weskus neem deel aan die ondersoek. Ses van die kleuters gaan daaglik na 'n crèche in die betrokke gemeenskap. Die ander ses kleuters is hoofsaaklik onder die toesig van hul moeders. Laasgenoemde moeders, sowel as die hoof van die crèche, was deel van die ondersoek deurdat hulle aan semi-gestruktureerde onderhoude deelgeneem het.

### 1.6.2.2 Data-insameling

- *Die 5-baan kaart*

Die wyse waarop data versamel sal word, is persoonlik en interaktief van aard. Die navorsingsinstrument wat gebruik sal word, is die 5-baan kaart. Die rede waarom hierdie instrument gekies is, ~~is omdat dit belangrike inligting kan verskaf oor hoe die kind sy~~ sosiale konteks beleef of ervaar ( Samuelsson, Thernlund en Jerker 1996 : 327 ). Samuelsson et al. het in die navorsing wat hulle oor die instrument gedoen het, elfjariges in hul ondersoek gebruik. Vir die doel van hierdie ondersoek is die instrument aangepas om vir vyfjariges te gebruik deur dit meer kindervriendelik te maak met behulp van

prentjies en kleur. Die gebruik van die 5-baan kaart in hierdie ondersoek word volledig beskryf in afdeling 3.2.2.

- *Semi-gestruktureerde onderhoude met die kleuters*

Semi-gestruktureerde onderhoude word met die kleuters gevoer direk nadat hulle die 5-baan kaart voltooi het. Ongeveer 'n week later word 'n tweede onderhoud met feitlik dieselfde vrae weer met die kleuters gevoer.

- *Semi-gestruktureerde onderhoude met primêre versorgers*

Semi-gestruktureerde onderhoude word met die hoof van die crèche en met die moeders van die kleuters wat nie in die crèche is nie, gevoer.

#### 1.6.2.3 Loodsondersoek

Die ondersoek word begin met 'n loodsondersoek waaraan twee kleuters uit dieselfde gemeenskap deelneem. Dit sal die ondersoeker die geleentheid bied om aanpassings te maak indien nodig. Die resultate van die loodsondersoek word nie gebruik in die bespreking van die resultate van die werklike ondersoek nie.

#### 1.6.2.4 Ondersoekmetode

Twaalf vyfjarige kleuters uit 'n histories benadeelde gemeenskap aan die Weskus sal individueel aan die ondersoek deelneem. In die ondersoek word 'n storie vertel om die kleuter aan die 5-baan kaart bekend te stel. Daarna word vrae aan die kleuter gestel om vas te stel watter persone 'n rol in sy lewe speel. Die kleuter moet eers twee of drie van hierdie mense teken en daarna moet hy almal op die 5-baan kaart plaas.

Individuele onderhoude sal later weer met die kleuter gevoer word sowel as met hul primêre versorgers.

### 1.7 Struktuur van aanbieding

In hoofstuk 2 word 'n literatuuroorsig gedoen ten opsigte van vroeë kinderontwikkeling, skoolgereedheid, die rol wat sosiale ondersteuningsisteme in vroeë kinderontwikkeling speel en die invloed van negatiewe omgewingsfaktore op vroeë kinderontwikkeling. Daar word ook verwys na navorsing wat reeds gedoen is oor voorskoolse kinders uit histories benadeelde gemeenskappe.

Hoofstuk 3 volg met die navorsingsmetode en empiriese studie wat gedoen is.

In hoofstuk 4 word die bevindings van die ondersoek aangespreek waarna die aanbevelings gedoen word.



## Hoofstuk 2

### Literatuurstudie

#### 2.1 Inleiding

“In Feuerstein’s conceptual framework, children from economically and psychologically impoverished homes perform poorly on intelligence tests and function generally at a low level because they have been denied appropriate mediated learning experience. This type of deprivation - the absence of adults in the child’s life who can effectively focus attention and interpret to him the significance of objects, events and ideas in his social surrounding – is the root of most failure.” ( Engelbrecht 1996 : 177 )\

Volgens Klein en Gilkerson ( soos aangehaal deur Eloff 2001 : 60 ) is kinders die toetssteen van ‘n gemeenskap wat gesond is en homself kan handhaaf. Die wyse waarop ‘n gemeenskap sy kinders behandel, het ‘n belangrike invloed op die manier waarop dit sal groei, floreer en aansien by ander geniet. Hoewel 40% van jong kinders in Suid-Afrika in haglike toestande van armoede en verwaarlosing grootword, kan toepaslike ondersteuning wat betyds aangewend word, volgens Eloff ( 2001 : 60 ) die invloed van vroeë deprivasie omkeer en die ontwikkeling van aangebore potensiaal tot gevolg hê.

Volgens De Witt ( 1995 : 1 ) ontwikkel die kind optimaal gedurende die eerste vyf of ses jaar van sy lewe. Die tempo en die uitkoms van sy ontwikkeling word bepaal deur genetiese faktore sowel as die invloed van die omgewing. Volgens Wiechers (Engelbrecht 1996 : 176 ) is dit uiters noodsaaklik dat diegene wat na kinders omsien, moet beseft hoe belangrik hul taak is. Die versorging van die voorskoolse kind hou veel meer in as bloot die fisiese aspek daarvan. Diegene wat na die jong kind omsien, speel 'n deurslaggewende rol in die vorming en ontwikkeling van die kind se denke, intelligensie en selfs die kwaliteit van sy geestelike ( "mental" ) funksionering.

In hierdie hoofstuk word die verskillende fases in die ontwikkeling van die kleuter in sy voorskoolse jare sowel as die rol wat opvoeders en die konteks van die kleuter daarin speel, kortliks bespreek. In aansluiting hierby volg 'n bespreking oor hoe die kleuter lyk wat sy skoolloopbaan voorbereid tegeroetgaan. Ook uit hierdie bespreking sal blyk dat die kleuter nie sommer vanself gereed raak vir skool nie. Dit is 'n aktiewe proses waarin die kleuter sowel as die ouer of ander opvoeders 'n rol te speel het.

As gevolg van armoede en ander maatskaplike probleme wat daarmee saamhang in die betrokke gemeenskap waar die ondersoek gedoen word, volg dit dat in baie huisgesinne dit nie noodwendig een van die kleuter se ouers is wat na die kinders omsien nie. Iemand anders in die betrokke gemeenskap moet dus die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar, aangesien beide ouers in baie gesinne moet werk.

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel wat die vyfjarige kleuter se belewing is van sy sosiale ondersteuningsisteme. In hierdie hoofstuk word gekyk na wat sosiale ondersteuningsisteme is en wat die rol daarvan op die ervaring en die ontwikkeling van die kind is.

Vervolgens word naas armoede ander omgewingsfaktore bespreek wat 'n negatiewe invloed op die ontwikkeling van die kind het.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking van etlike ondersoeke wat gedoen is en wat relevant is vir hierdie betrokke ondersoek.

## **2.2 Vlakke van ontwikkeling tydens die voorskoolse jare**

### *2.2.1 Inleiding*

Dawes en Donald ( 2000 : 1 ) definieer die ontwikkeling van die kind aan die hand van 'n definisie van Aber, Gephart, Brooks-Gunn en Connell as volg :

“the acquisition and growth of the physical, cognitive, social and emotional competencies required to engage fully in family and society”

Hoewel die definisie deur Amerikaanse navorsers geformuleer is, is dit volgens Dawes en Donald ( 2000 : 1 ) toepaslik vir al die kinders in die wêreld. Die waarde van die definisie

lê in die neutraliteit daarvan. Die tipe gemeenskap, gesin en familie word 'ooggelaat', en ontwikkeling word gesien as die verwerwing van bekwaamhede wat vir die betrokke gemeenskap geskik is. Dawes en Donald ( 2000 : 1 ) is van mening dat 'n definisie van so 'n aard waardevol is vir 'n streek soos Suider-Afrika waar verskillende kulture verskillende waardes heg aan spesifieke ontwikkelingsvaardighede.

Volgens Dawes en Donald ( 2000 : 2 ) is dit so dat baie van die psigologiese kennis omtrent kinders, idees oor hul regte en welsyn, en bydraes om hul ontwikkeling te bevorder hoofsaaklik in Europa en Noord-Amerika ontstaan het. Hoewel baie van hierdie moderne Westerse idees rondom kinderontwikkeling die wêreld ingestuur is, ook na ontwikkelende streke, verskil die ontwikkelende streke dikwels van die Weste in hul verstaan van die menslike natuur en regte van die kind. Tog sou dit onverstandig wees om teorieë rondom kinderontwikkeling wat universele toepaslikheid het maar uit 'n ander konteks te ignoreer. Dawes en Donald ( 2000 : 1 ) benadruk egter die feit dat 'n mens bewus moet wees van wat nie toepaslik is nie en dan moet soek na oplossings wat die meeste relevant sal wees vir die sosiale, kulturele en materiële konteks van die Suider-Afrikaanse streek. 'n Verstaan van kinders se belewing van hul kontekste is uiters belangrik in die ontwerp van effektiewe intervensies, asook 'n waardering vir die wyse waarop kinders se kontekste 'n invloed het op hul fisiese en geestelike ontwikkeling.

Hoewel die verskillende vlakke van ontwikkeling in die res van hierdie afdeling afsonderlik bespreek word, is dit egter belangrik om in gedagte te hou dat elke vlak van ontwikkeling nie in isolasie gesien behoort te word nie. Elke vlak het 'n invloed op die

ontwikkeling van 'n ander vlak. Die kind se ontwikkeling moet dus altyd holisties gesien word.

### *2.2.2 Fisieke en motoriese ontwikkeling*

Die fisieke ontwikkeling is volgens Eloff ( 2001 : 60 ) dramaties en kritiek ( “crucial” ) gedurende vroeë kinderontwikkeling.

Volgens Fogel en Melson ( 1988 : 217 ) verskil kinders se individuele tempo van ontwikkeling baie. Tog skets hulle breedweg die groeipatrone waardeur voorskoolse kinders oor die algemeen gaan :

- veranderings in lengte, gewig en liggaamsafmetings
- breinselle groei in grootte en kompleksiteit
- die twee hemisfere van die brein raak gespesialiseerd in funksie
- voorkeur vir regs- of linkshandigheid ontwikkel gedurende hierdie tydperk

Gedurende hierdie tydperk ontwikkel ook belangrike motoriese vaardighede ( Fogel en Melson 1988 : 233 – 240 ; asook Eloff 2001 : 61-62 ) :

- motoriese vaardighede word beoefen en versterk deur spel
- grootspierspel behels aktiwiteite waarby die hele liggaam betrokke is soos hardloop, spring, klim, ens.

- onafhanklike ontdekking help kinders om te leer van hul omgewing en laat hulle selfversekerd voel
- kleinspier–koördinasie word ontwikkel deur speelaktiwiteite soos teken, verf, ens.

Eloff (2001 : 61 ) argumenteer verder dat die jong kind nie die enigste rolspeler in sy fisieke ontwikkeling is nie. Ook die opvoeder as fasiliteerder van die jong kind se fisieke ontwikkeling, sowel as sosiale en ekonomiese hulpbronne speel 'n belangrike rol.

Ouers of ander opvoeders kan 'n positiewe rol in die fisieke ontwikkeling van hul kind speel, indien hulle ingelig is oor watter tipe speletjies of aktiwiteite gedurende hierdie periode tot voordeel van hul kind kan strek. Indien die ouers saamspeel, kan daar ook hegte emosionele bande tussen ouer en kind gesmee word. Verder kan die kind tydens die spel ook 'n paar sosiale vaardighede by die ouer leer.

Volgens Eloff ( 2001 : 62 ) moet 'n positiewe houding ten opsigte van 'n gesonde en aktiewe leefwyse reeds van 'n vroeë ouderdom gekweek word. Dit kan gedoen word deur fisiese aktiwiteite aan te moedig, gesonde eetgewoontes te prys en 'n goeie voorbeeld as opvoeder te stel.

### *2.2.3 Kognitiewe ontwikkeling*

Volgens Dworetzky ( 1996 : 262 ) verwys kognitiewe ontwikkeling na al die verstandelike prosesse wat aan die gang is in 'n persoon. Gedurende die eerste 50 jaar van sielkunde is die verstand van die kleuter as onbelangrik geag omdat sielkundiges gereken het dat kinders se denke nie van veel belang kan wees nie ( Dworetzky 1996 : 262).

Die eerste groot navorsers wat bogenoemde idee bevraagteken het, is Piaget. Volgens Fogel en Melson ( 1988 : 243 ) en Eloff ( 2001 : 63 ) is Piaget se teorie die invloedrykste model oor hoe denkproesse in die jong kind ontwikkel en miskien ook een van die mees aanvegbare teorieë. Volgens Eloff ( 2001 : 63 ) is die fasilitering van kognitiewe ontwikkeling deur spel baie belangrik gedurende die vroeë jare van ontwikkeling. Gedurende die sewentiger- en tagtigerjare is daar analities en lineêr na die rol van spel in die kognitiewe ontwikkeling van die kind gekyk as gevolg van Piaget se teorie.

Na Piaget se mening is kognitiewe ontwikkeling die gesamentlike resultate van :

- die volwassewording van die brein en senuweestelsel en
- die ervarings wat individue help om in hul omgewings aan te pas

Verder het Piaget geglo dat omdat mense geneties dieselfde is en hul omgewing dieselfde ervaar, hulle ook in hul kognitiewe ontwikkeling deur dieselfde basiese prosesse gaan. Gevolglik het hy verskillende stadia van ontwikkeling vir spesifieke periodes in 'n kind se lewe voorspel.

Vir die doel van hierdie studie word kortliks aandag aan slegs die pre-operasionale periode ( twee tot sewe jaar oud ) van Piaget gegee (Fogel en Melson 1988 : 245 – 251).

Die pre-operasionele periode word deur twee aspekte gekenmerk. Aan die een kant is dit die periode waarin Piaget baie klem lê op dit wat die kind nie kan doen nie. Aan die ander kant is dit 'n tydperk waarin ook baie positiewe ontwikkeling plaasvind.

Hier volg 'n paar voorbeelde van beperkinge in die kind se kognitiewe ontwikkeling tydens die pre-operasionele periode:

- die kind verstaan die wêreld slegs vanuit sy eie gesigspunt
- die kind kan slegs op een aspek van 'n situasie konsentreer
- die kind kan nie oorsaak–gevolg–redenasies verstaan nie
- die kind ondervind probleme om objekte in die korrekte orde te rangskik ( bv. van groot na klein )

Piaget was van mening dat kinders nie onderrig kan word in bogenoemde beperkinge nie. Volgens hom is dit iets wat sal ontwikkel binne die kind se konteks van speel en ervaring.



Navorsers het egter hierdie standpunt van Piaget uitgedaag en gevind dat kinders in hierdie periode wel suksesvol deur onderrig geleer kan word om van die beperkinge hierbo te oorkom ( Fogel en Melson 1988 : 245, 263-264 ).

Positiewe ontwikkeling wat volgens Fogel en Melson ( 1988 : 244 – 245 ) tydens hierdie periode plaasvind, is onder andere :

- die vermoë om mense, plekke en idees as simbole voor te stel
- die vermoë om na te boots
- die vermoë om simbolies te speel ( bv. die gebruik van 'n stok as geweer )
- die vermoë om taal te ontwikkel

Volgens Fogel en Melson ( 1988 : 263 ) kan kognitiewe ontwikkeling beperk of bevoordeel word deur :

- die nodige stimulasie in 'n omgewing
- die hoeveelheid aanmoediging om te ontdek

So 'n omgewing sal materiaal bevat wat nie te kompleks of te eenvoudig is vir die kind nie. Dit sal hanteerbare uitdagings stel aan die kind. Materiaal soos emmertjies van verskillende groottes of 'n string krale van verskillende kleure kan geleentheid bied om konsepte soos klassifisering en ordening te leer. 'n Legkaart bied die geleentheid om aandag te gee aan visuele verskille en ooreenkomste, dit stimuleer nuuskierigheid en

moedig vrae aan. Verder voer Fogel en Melson ( 1988 : 264 ) aan dat navorsing die siening rugsteun dat ouers wat stimulerende materiaal en aktiwitiete aan hul kinders bied hul kinders se kognitiewe ontwikkeling fasiliteer.

Navorsing het verder getoon dat jong kinders se kognitiewe ontwikkeling optimaal bevorder word wanneer daar ook ouerbetrokkenheid, emosionele warmte en aanmoediging om vaardighede te bemeester teenwoordig is. Wiechers ( 1996 : 175 ) wys op navorsing deur die Universiteit van Iowa wat bewys het dat vroeë intellektuele stimulasie 'n dramatiese effek kan hê op 'n kind se latere intelligensie. 'n Interessante projek is gedoen waarby 25 weeshuiskinders betrek is. Hierdie kinders is ernstig benadeel omdat die inrigting waarin hulle was oorvol was en 'n tekort aan personeel gehad het. Dertien van die babas onder die ouderdom van 18 maande is oorgeplaas na 'n inrigting vir vroue, en elkeen is onder die persoonlike sorg van 'n vrou geplaas. Die substituut-ma's het die kinders vertroetel en oorweldig met liefde. Daar was speelgoed, hulle is op uitstappies geneem, en daar is baie met hulle gesels. Die vroue het leiding ontvang oor hoe om die kinders te stimuleer en taal van hulle te ontlok. Na twee jaar is bevind dat die kinders van die substituut-ma's se IK's gemiddeld met 28 punte gestyg het. Die kinders wat in die weeshuis agter gebly het se IK's het met 26 punte gedaal. Na twee jaar het die twee groepe dus 'n verskil van 58 IK-punte gehad. Dit is merkwaardig as 'n mens die verskil tussen 'n IK van 70 en een van 124 in ag neem. Wiechers ( 1996 : 176 ) wys verder daarop dat die eksperimentele groep produktief funksionerende volwassenes geraak het, terwyl die kontrolegoep in inrigtings gebly het geklassifiseer as persone met spesiale behoeftes.

‘n Verdere aspek waarop Fogel en Melson ( 1988 : 264 ) wys wat uit Vygotsky se teorie van kognitiewe ontwikkeling voortvloei, is die rol wat sosiale interaksie in die leerproses speel. Die kind is ‘n sosiale wese wat die beste leer binne ‘n sosiale konteks.

Volgens Eloff ( 2001 : 64 ) het Vygotsky geglo dat kognitiewe ontwikkeling nie afsonderlik van ‘n kultuur of konteks kan ontwikkel nie, in teenstelling met Piaget se bewering dat alle leerders deur dieselfde stadiums van ontwikkeling gaan ongeag die konteks.

#### *2.2.4 Sosiale ontwikkeling*

Volgens sowel Dworetzky ( 1996 : 366 ) as Fogel en Melson ( 1988 : 307 ) is sosialisering die proses waardeur die waardes, houdings en gedrag van ‘n bepaalde kultuur van die een persoon na die volgende oorgedra word.

Totdat kinders oud genoeg is om betekenisvol met hul portuurs of onderwysers te interakteer is die ouers hulle primêre agent van sosialisering. Die ouer se rol is die van onderwyser. Selfs nadat kinders begin skool gaan het , bly die gesin steeds as die sentrale punt in hul lewens funksioneer. Die ouer is ‘n belangrike sosiale rolmodel vir die kind. Kinders hou hul ouers dop en probeer dit wat hulle sien , naboots.

Dr. Sal Severe skryf in sy boek *How to behave so your children will, too!* dat ouers nodig het om te verstaan dat kinders se gedrag dikwels 'n refleksie is van hul eie gedrag. Dit berus by ouers om verantwoordelik op te tree, sodat hulle ook verantwoordelike kinders kan hê ( Severe 2000 : 20 – 21 ).

Spel, alleen maar ook saam met portuurs, speel 'n belangrike rol in die sosiale ontwikkeling van die kind. Omdat daar so baie vorme van spel is, word dit bloot gedefinieer as enige spontane en genotvolle aktiwiteit ( Fogel en Melson 1988 : 324 – 326 ).

Die verskillende vorme van spel word nie hier bespreek nie, maar dit sou voordelig wees as ouers ingelig kan wees hieromtrent om sodoende hul kinders aan te moedig daartoe.

### *2.2.5 Emosionele ontwikkeling*

Emosionele ervarings verwys volgens Fogel en Melson ( 1988 : 280 ) na gevoelens wat kinders het ten opsigte van persone, gebeurtenisse of idees. Teen die ouderdom van drie ervaar kinders al die basiese emosies wat deur 'n mens ervaar kan word.

Gedurende die voorskoolse jare begin ervaar kinders onder andere die volgende ten opsigte van emosionele ontwikkeling ( Fogel en Melson 1988 : 280 – 303 ) :

- word 'n individu in eie reg

- begin ouderdom verstaan en raak bewus van geslagonderskeiding
- begin begrip toon vir ander se gevoelens
- selfbeheersing op verskillende terreine begin ontwikkel
- 'n selfbeeld begin ontwikkel saam met idees oor hulle karaktereenskappe

Volgens Severe ( 2000 : 85 ) moet die ouer aktief bou aan sy kind se selfbeeld deur hom te respekteer, aan te moedig en te ondersteun. Die ouer moet in sy kind glo en positiewe terugvoer aan hom gee.

'n Interessante terrein op die gebied van emosionele ontwikkeling is dié van emosionele intelligensie. 'n Emosionele intelligente persoon is iemand wat in beheer is van sy emosies, wat dit verstaan en wat empatie kan toon. Volgens Gottman ( 1997 : 17 ) is emosionele interaksie tussen ouer en kind uiters noodsaaklik om sodoende die ontwikkeling van emosionele intelligensie te stimuleer.

#### *2.2.6 Moreel-normatiewe ontwikkeling*

Volgens De Witt ( 1995 : 35 ) vind die volgende moreel-normatiewe ontwikkeling in die voorskoolse kind plaas :

- begin 'n onderskeid tussen goed en sleg te maak
- wat reg en verkeerd is, word hoofsaaklik bepaal deur die waarde van die prys wat by die betrokke aksie betrokke is

- ander mense se behoeftes word slegs in ag geneem wanneer daar gunste uitgeruil word
- hyself en ander word beoordeel op grond van sy ouers se norme en waardes
- kort voor skooltoetrede begin verantwoordelikheid, onafhanklikheid en goeie maniere ontwikkel
- waardering en respek vir ander mense en die natuur begin ontwikkel
- 'n skuldgevoel begin ontwikkel
- leer om sy gedrag te beheer

### 2.3 Skoolgereedheid

“...children are ready for school , when for a period of several years, they have been exposed to consistent, stable adults who have emotionally invested in them; to a physical environment that is safe and predictable; to regular routines and rhythms of activity; to competent peers, and to materials that stimulate their explorations and enjoyment of the object world and from which they derive a sense of mastery.” ( NCEDL Spotlights 1998 : )

Volgens De Witt ( 1995 : 156 ) verwys skoolgereedheid na die kind se algehele gereedheid om voordeel te trek uit formele onderrig binne 'n groepsverband. Skoolgereedheid sluit aspekte in soos emosionele, intellektuele, sosiale en fisiese gereedheid. De Witt (1995 : 156 ) argumenteer dat skoolgereedheid aangehelp of versnel kan word. Dus speel die kind se omgewing en opvoeders 'n uiters belangrike rol in sy /

haar voorbereiding vir skool. Volgens De Witt ( 1995 : 156 ) is skoolgereedheid nie net iets wat vanself gebeur nie. Dit is 'n aksie wat doelbewus aangewend moet word om die kind gereed te maak vir skool. Dit is ouers en enige ander opvoeders se taak om die kind gaandeweg vir skooltoetreding voor te berei. Die kind speel egter 'n ewe belangrike rol in die proses. Dit is 'n proses waarin die kind 'n aktiewe rol speel ( De Witt 1995 : 156 ).

In die mees resente literatuur oor skoolgereedheid word baie klem geplaas op die belangrike rol wat sosiale en emosionele gereedheid speel. Volgens Jacobson ( 2000 : 1 ) is dit belangriker dat skooltoetreders selfvertroue het, vriendelik is en instruksies kan uitvoer eerder as om getalle, kleure en die alfabet te ken. Kinders wat sosiaal en emosioneel onstabiel is, staan 'n groter kans op latere skoolmislukking. Hierdie vaardighede moet vanaf geboorte tot voorskool deur die nodige stimulasie aangeleer word. Dit kan slegs gebeur as daar 'n hegte band bestaan tussen die kind en die ouer(s) of ander primêre versorgers.

Engelbrecht ( 1999 : 11 ) argumenteer dat daar sekere paradigmaterskuiwings ten opsigte van skoolgereedheid moet plaasvind. Daar moet verskuiwings vanaf 'n tradisionele na 'n uitkomsgebaseerde skoolsisteem gemaak word. Dit hou onder andere in dat sekere omgewings- en ekologiese oorwegings aangespreek moet word. Die fokus moet verskuif van om die leerder skoolgereed te kry na die sisteem ( wat ouers, skole en die gemeenskap insluit ) om leer vir alle leerders te akkommodeer en te fasiliteer ( Engelbrecht 1999 : 11 ).

Uit bogaande bespreking kan tot die slotsom gekom word dat skoolgereedheid as 'n sosiale 'konstruk' gesien behoort te word. Dit impliseer dat almal wat betrokke is by die voorskoolse kind 'n verantwoordelikheid het en 'n bydrae moet lewer tot die ontwikkeling van die kind.

## **2.4 Sosiale ondersteuningsisteme**

Die gebruik van sosiale ondersteuningsisteme in die behandeling van diegene in nood in 'n gemeenskap is volgens Maguire ( 1991 : 10-14 ) 'n strategie wat in die maatskaplike veld ontstaan het. Dit is 'n holistiese benadering waarin afstand gedoen word van Descartes se filosofie van meer as 300 jaar gelede dat die liggaam en gees as twee afsonderlike entiteite funksioneer. Volgens hierdie benadering word kliënte gesien en behandel binne die konteks van hul sosiale sisteme.'n Ekologiese oriëntasie is 'n vereiste asook 'n bewustheid van en die vermoë om elke individu binne sy of haar situasie of konteks te hanteer ( Maguire 1991 :21 ).

Dawes en Donald ( 2000 : 3 ) haal vir Bronfenbrenner aan om konteks te definieer :

“socially constructed system of external influences that is mediated by individuals minds’... whatever influences local environments have on children must be seen as a product of how these environments are perceived and interpreted by parents and children”



Daar is vier dimensies wat met mekaar interakteer en wat in ag geneem behoort te word wanneer 'n mens die kind se ontwikkeling binne konteks probeer verstaan. Dit sluit in :

- persoonsfaktore / persoonlike eienskappe ( bv. die temperament van die kind of ouer )
- prosesfaktore ( bv. die vorme van die interaksieproses wat in die gesin/familie voorkom )
- kontekste ( bv. gesinne / families of “neighbourhoods” )
- tyd ( bv. veranderinge wat oor tyd plaasvind in die eienskappe van die individu of die omgewing )

Dit is blywende interaksieprosesse die naaste aan die kind wat die belangrikste rol speel in die vorming van stabiele aspekte in die kind se ontwikkeling. Hierdie prosesse verwys na aangesig tot aangesig interaksie tussen kinders en ander mense, bv. 'n seun se verhouding met sy pa, maar ook met sy onderwyser. Die interaksies word beïnvloed deur die karaktereienskappe van die kind en die ander mense wat betrokke is by die interaksie, sowel as deur die aard van die kontekste waarbinne dit voorkom ( bv. die huis of die skool ). Hierdie konteks, persoonsfaktore en prosesfaktore verander oor die tyd as gevolg van kinders se grootwordproses ( “maturation” ), sowel as gevolg van veranderinge in die omgewings ( Dawes en Donald 2000 : 3 ).

Maguire vra waarom bogenoemde benadering as intervensie gebruik behoort te word. Volgens hom kry 'n individu nie net liefde, ondersteuning en leiding van ander nie, maar

word ook deur ander mense as unieke individue met verskillende behoeftes en identiteite gerespekteer. Deur aktief betrokke en deel te wees van 'n sisteem bestaande uit 'n gesin, familie, vriende en professionele mense, kan elkeen groei en omtrent hom- of haarself leer en oor sy of haar plek en doel in die lewe.

Volgens Maguire ( 1991 : 109 ) behoort die gesin in die eerste plek die rol van sosiale ondersteuning vir die jong kind te vervul. Indien die gesin in gebreke bly om dit te doen, dan moet ander sisteme in werking gestel word. Arm gesinne en enkelouer-gesinne met beperkte opvoeding en min geleentheid kan dikwels beswaarlik in kos, klere en blyplek voorsien, wat nog te sê in voldoende leiding, liefde en ondersteuning. Daar is wel gesinne wat ten spyte van sulke ongunstige omstandighede kan oorleef. Gesinne wat egter psigologies , ekonomies, sosiaal en geestelik oorweldig word, moet verbind word met 'n breër sisteem of sisteme wat 'n positiewe basis van ondersteuning kan bied ( Maguire 1991 : 109 ).

## **2.5 Die invloed van negatiewe omgewingsfaktore op die ontwikkeling van die voorskoolse kind**

### *2.5.1 Inleiding*

Daar is in hoofstuk 1 reeds verwys na die invloed van armoede op die ontwikkeling van die voorskoolse kind. Dit is egter nie net armoede wat die ontwikkeling van die kind negatief beïnvloed nie. Volgens Biersteker en Robinson ( 2000 : 26 ) bevind die meeste

kinders in Suid-Afrika hulself in 'n gemeenskap waar apartheid ernstige ongelykhede aan hulle nagelaat het. Die omstandighede waaronder die meeste gesinne 'n bestaan moes maak, het tot gevolg gehad dat hulle nie in die mees fundamentele behoeftes van hul kinders kon voorsien nie. Deprivasie, geweld, wanvoeding, swak gesondheid en ondergeskikte onderwys het diepgaande ongelykhede tussen kinders uit verskillende rassegroepe en geografiese gebiede tot gevolg gehad.

In hierdie afdeling word verder gekyk na die invloed van armoede op die ontwikkeling van die kind sowel as na die invloed van wanvoeding en swak gesondheid, mishandeling en verwaarlosing en laastens geweld. Die invloed van deprivasie en ondergeskikte onderwys word in die volgende afdeling bespreek.

#### *2.5.2 Die invloed van armoede op vroeë kinderontwikkeling*

Volgens Luthar ( 1999 : 12 ) het armoede 'n groter invloed op jong voorskoolse kinders as op ouer skoolgaande kinders. Jonger kinders is relatief meer weerloos en dus in baie opsigte meer kwetsbaar as ouer kinders. Kinders wat gedurende hulle vroeë kinderjare voortdurend blootgestel word aan armoede word beperk in latere opvoedkundige uitkomstes sowel as in werkseleenthede as volwassene – jonger kinders word meer ten opsigte hiervan beperk as ouer kinders wat aan armoede blootgestel word. Jonger kinders is ook meer geneig tot depressiewe simptome as ouer kinders wat in armoede leef. Luthar ( 1999 : 13 ) skryf hierdie tendens daaraan toe dat jonger kinders se strategieë om situasies te hanteer nog onvolwasse is en dat hulle aan minder psigologiese hulpbronne

blootgestel is. Jonger kinders het ook minder sosiale kontak met ander mense buite die gesin teenoor skoolgaande kinders wat ondersteuning kan kry buite die gesin van onderwysers en vriende.

### *2.5.3 Die invloed van wanvoeding en gesondheid op vroeë kinderontwikkeling*

Volgens Biersteker en Robinson ( 2000 : 32 ) sowel as Klugman ( 2002 : 2 ) kan wanvoeding die fisiese en die psigologiese ontwikkeling van kinders ernstig belemmer. Chroniese ondervoeding is 'n baie groot probleem onder voorskoolse kinders in Suid-Afrika. Volgens Biersteker en Robinson ( 2000 : 32 ) word een uit elke vier kinders se groei belemmer, en een uit elke tien kinders is ondergewig vir hul ouderdom. Die voedingstowwe waaraan die meeste kleuters en voorskoolse kinders volgens Klugman ( 2002 : 2 ) 'n tekort het, is yster, vitamien A, jodium, proteïene, energie, riboflavin, kalsium en sink. Afhangende van watter voedingstof dit is en hoe groot die tekort is, kan wanvoeding groei belemmer, anoreksia, vatbaarheid vir infeksies, gedragsveranderinge en leergestremdhede tot gevolg hê. Laasgenoemde kan lewenslange gevolge hê. Daar is baie faktore wat hierdie probleme veroorsaak, onder andere armoede, onkunde, verkeerde eetgewoontes, infeksies, voedseltekort en die gebruik van kos met lae voedingswaardes ( Klugman 2002 : 2 ).

Wanvoeding gedurende die eerste vyf jaar in 'n kind se lewe kan 'n skadelike invloed op die res van die kind se lewe hê. 'n Kind se groei kan daardeur belemmer word, sowel as ander fisieke probleme soos bv. swak tande en krom bene kan voorkom. Wanneer 'n kind

fisies nie normaal ontwikkel nie, kan dit 'n negatiewe invloed op die ontwikkeling van die kind se selfbeeld hê ( Biersteker en Robinson 2000 : 34 ).

Wanvoeding kan volgens Biersteker en Robinson ( 2000 : 34 ) verder ook swak gesondheid en infeksies tot gevolg hê. Swak gesondheid kan 'n verdoemende effek hê op die verwerwing van verskillende essensiële vaardighede wat gewoonlik vinnig gedurende die eerste vyf lewensjare van die kind ontwikkel. Wanneer die groei en ontwikkeling van die kind se brein belemmer word, kan die intellektuele potensiaal van die kind nie verwesenlik word nie ( Biersteker en Robinson 2000 : 34 ).

Wanvoeding kan ook 'n invloed hê op die sosiale en emosionele ontwikkeling van die kind omdat dit 'n invloed op die kind se versorgers het. Dit het 'n negatiewe invloed op die versorgers se gedrag teenoor die kind omdat hy moeilik is om te versorg. Wanvoeding oor 'n lang tydperk gedurende die vroeë kinderjare kan aggressie, abnormaliteite in gedrag en 'n algemene geneigdheid om mense te wantrou tot gevolg hê ( Biersteker en Robinson 2000 : 34 ).

#### *2.5.4 Mishandeling en verwaarlosing*

Wanneer kinders gedurende hul vroeë kinderontwikkeling blootgestel word aan voortdurende emosionele verwaarlosing, kan dit ernstige gevolge inhou vir hul ontwikkeling op ander terreine. 'n Hegte band tussen die jong voorskoolse kind en sy versorger vorm die grondslag vir die kind se fisiese, emosionele en kognitiewe

ontwikkeling. Volgens Perry ( 2002 : 8 ) is dit in hierdie primêre konteks dat 'n kind taal, sosiale gedrag en ander gedragpatrone aanleer wat noodsaaklik is vir gesonde ontwikkeling. 'n Tekort aan konsekwente en verrykende ervarings gedurende vroeë kinderontwikkeling kan motoriese, taal-, sosiale en kognitiewe ontwikkeling vertraag (Perry 2002 : 8 ).

Kinders wat verwaarloos en/of mishandel word, kan probleme ondervind om hegte bande met ander mense te vorm. As kinders bv. nie aangeraak, gestimuleer en vertroetel word nie, kan dit tot gevolg hê dat hulle later nie betekenisvolle verhoudings kan aanknoop nie ( Perry 2002 : 3 ).

Ander emosionele probleme wat algemeen voorkom by mishandelde en verwaarloosde kinders is depressiewe en angssimptome. Alle kinders wil veilig voel. Omdat 'n hegte band met iemand vir 'n kind 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit gee, sal 'n verwaarloosde kind dit ter wille van sy eie veiligheid by enigiemand – selfs 'n vreemdeling – soek. So 'n kind sal 'n vreemdeling druk en “liefde” aan hom betoon. Volgens Perry ( 2002 : 8 ) sal die verwaarloosde kind nie 'n diepgaande emosionele band met iemand ontwikkel nie. Die toenadering wat hy by vreemdelinge soek, is bloot om veilig te voel. Hierdie gedrag dra egter by tot die verwaarloosde kind se verwarring oor intimiteit en sosiale interaksie.

Aggressie en wreedheid is verdere groot probleme wat by mishandelde en verwaarloosde kinders voorkom. Hierdie kinders het nie die vermoë om emosioneel te verstaan wat die

impak van hul gedrag op ander mense kan wees nie. Hulle kan nie verstaan of die gevoel ervaar wat ander beleef as hulle hulle deur woorde of dade seergemaak het nie. Hulle kan dikwels nie anders as om iets of iemand – gewoonlik iets of iemand swakker as hulself – opsetlik seer te maak nie. Wat ontstellend is dat wanneer hulle gekonfronteer word oor hul aggressiewe gedrag, hulle geen emosionele berou daaroor toon nie. Mishandelde en verwaarloosde kinders het oor die algemeen ‘n tekort aan empatie (Perry 2002 : 9).

#### *2.5.5 Slot*

Die ondersoek wat in hierdie werkstuk gedoen word, sou nie ‘n ekosistemiese benadering volg as daar nie gekyk sou word of van bogenoemde faktore ‘n invloed op die ontwikkeling van die kinders in die ondersoek het nie. Die invloed van die faktore wat hierbo bespreek is, is so groot op vroeë kinderontwikkeling dat dit nie geïgnoreer kan word nie.

## **2.6 Navorsing wat gedoen is**

### *2.6.1 Inleiding*

Die doel van hierdie afdeling is om ‘n studie te maak van navorsing wat reeds gedoen is en wat verband hou met die doelstellings van hierdie werkstuk. Navorsing wat antwoorde soek op vrae rondom leerders uit historiesbenadeelde gemeenskappe se “ongereedheid” vir die formele onderrigsituasie word bestudeer.

Die ondersoek van Pretorius en Viljoen ( 1999 ), Dicker, Ferreira en Pretorius ( 1996 ) en laastens Moletsane en Bouwer ( 2000 ) word in hierdie afdeling bespreek.

#### *2.6.2 Pretorius en Viljoen se ondersoek*

Pretorius en Viljoen ( 1999 : 1 ) het 'n ondersoek gedoen om vas te stel wat die invloed van milieubenadeeldheid op 'n voorskoolse kind se affektiewe skoolgereedheid is.

Uit die literatuur het Pretorius en Viljoen ( 1999 : 1 ) drie komponente geïdentifiseer wat direk relevant is vir kinders se affektiewe skoolgereedheid.

- *Onvervulde fisiese behoeftes*

Lae kwalifikasies by beide ouers het lae inkomste of werkloosheid tot gevolg wat lei tot ontoereikende behuising, kleding, voeding en mediese versorging. Die gevolg hiervan is dat die fisiese behoeftes van die milieubenadeelde kind nie toereikend vervul word nie, en daarom kan hy nie optimaal gemotiveer word om te leer nie. ( Pretorius en Viljoen 1991 : 2 )

Die fisiese verwaarlosing van die kind kan volgens Pretorius en Viljoen ( 1999 : 3 ) aanleiding gee tot 'n minderwaardigheidsgevoel, swak waagmoed en min selfvertroue.



Pretorius en Viljoen ( 1999 : 3 ) argumenteer dat die milieubenadeelde kind vanuit sy omstandighede 'n materialistiese lewensopvatting kweek omdat hy soveel waarde heg aan materiële dinge. Die milieubenadeelde kind se totale ontwikkeling word aan bande gelê omdat die kind van die begin af wesenlik in 'n stryd om materiële dinge gewikkel is. Hy beleef voortdurend 'n gevoel van mismoedigheid wat dikwels tot uiting kom in moegheid, rusteloosheid en afmatting.

- *Affektiewe labiliteit en onveiligheidsbeleving*

Volgens Pretorius en Viljoen (1999 : 3 ) ly die milieubenadeelde kind affektief honger en bly hy affektief arm. Liefde en geborgenheid ontbreek, en die kind ervaar 'n gevoel van lewensonsekerheid. Verder word milieubenadeelde gesinne dikwels gekenmerk deur 'n dissosialiserende gesinslewe, gebrekkige orde en reëlmaat in die gesinslewe, huwelikstwis, gebrekkige gesinseenheid in bestaande gesinne of gesinsverbrotting deur verlating, egskeiding, buite-egtelike saamwoon en buite-egtelike verhoudinge. Die vader is dikwels as broodwinner werkloos, werksku, swak opgelei wat dikwels daartoe lei dat die vaderbeeld afgetakel is. Baie kinders in die gesin het tot gevolg dat elke kind nie genoeg individuele aandag en versorging geniet nie. Die milieubenadeelde kind word dus affektief verwaarloos en ervaar gevolglik 'n tekort aan liefde, gevoelswarmte en 'n gelukkige gesinsatmosfeer. Dit lei daartoe dat baie milieubenadeelde kinders lewensonveilig voel wanneer hulle moet skool toe gaan.

Hierdie onsekerheid waarmee die kind moet skool toe gaan, lei tot 'n angstoestand. Volgens Pretorius en Viljoen ( 1999 : 3-6 ) kan dit nie anders nie dat die kind op onsekere, gespanne en angstige wyse tot die skoolsituasie toetree en dus misluk wat hul leerprestasies betref.

Emosionele deprivasie veroorsaak dat die kind nie toereikend inskakel by die skoolsituasie nie. Hy pas nie sosiaal aan nie en beleef dit ook op 'n emosionele vlak. Hierdie emosionele deprivasie waaraan die milieubenadeelde voorskoolse kind blootgestel word, het tot gevolg dat die kind nie voldoende op 'n emosionele vlak ontwikkel nie. Hy openbaar sosiale onvaardigheid en is selfgerig – hy kan nie anders as om hom intens te bly rig op die vervulling van sy eie onvervulde behoeftes nie ( Pretorius en Viljoen 1999 : 5 ).

Die milieubenadeelde kind word reeds by skooltoetrede akademies ontmoedig omdat hy kennis maak met vreemde kultuurinhoude, dit wil sê kennis en vaardighede wat grootliks verskil van sy leerervarings tuis. Volgens Pretorius en Viljoen ( 1999 : 5 ) het hierdie leerder reeds 'n agterstand in sy leerervaring wanneer hy skool toe gaan. Die agterstand word al groter, en die kind ervaar herhaalde mislukkings as gevolg van hierdie toenemende verwydering tussen hom en die leerhandeling.

Volgens Pretorius en Viljoen ( 1999 : 6 ) is die milieubenadeelde voorskoolse kind se lae selfkonsep die uitkoms van sy ouers se ontoereikende opvoedingstyl en sy eie

milieubenadeelde situasie wat hom tot ongunstige skoolprestasie en sosiaal onaangepaste gedrag predisponeer.

▪ *Affektiewe leervermindering*

Die milieubenadeelde kind begryp nie die erns van die skoolsituasie nie, gevolglik gaan hy nog spelend met die leerinhoud om. Hy het nog nie geleer om saam met ander te werk, te speel, te lag en te gesels nie. Hy kan nog nie stilsit en met aandag luister en konsentreer nie. Hy het nie belang by skoolaktiwiteite nie, daarom konsentreer hy nie en voltooi nie 'n taak wat hy aanpak nie ( Pretorius en Viljoen 1999 : 6 ).

Die belangstelling, aanmoediging, meelewing en motivering van die milieubenadeelde kind se ouers ontbreek dikwels gedurende die voorskoolse stadium. Gevolglik koester die ouers min of geen verwagtinge van hul kinders nie – moontlik ook omdat hulself dikwels op skool misluk het. Omdat die milieubenadeelde kind min sukses behaal, voel hy ontmoedig en ongemotiveerd ( Pretorius en Viljoen 1999 : 6 ).

Pretorius en Viljoen ( 1999 : 7-9 ) het vir hul ondersoek 18 swart moeders uit 'n milieubenadeelde omgewing geïdentifiseer wat elkeen 'n voorskoolse kind tussen die ouderdom vyf tot sewe jaar het. Die moeders het by twee verskillende geleenthede die vraelyste individueel met behulp van die ondersoeker en 'n tolk voltooi. Daar is egter hoofsaaklik van Engels as kommunikasietaal gebruik gemaak, aangesien dit soms makliker verstaanbaar vir die tolk en die moeders was.

Die resultate van die ondersoek het bevestig wat in die literatuur bevind is omtrent die affektiewe skoolgereedheid van die milieubenadeelde kind. Daar was slegs een geval waar die bevindinge van die ondersoek nie ooreenstem met die bevindinge uit Pretorius en Viljoen se literatuurstudie nie. Volgens die moeders blyk dit dat die meerderheid kleuters 'n positiewe selfkonsep gevorm het. Een verklaring vir hierdie diskrepansie is volgens Pretorius en Viljoen ( 1999 : 8 ) die feit dat die moeders nie die vraag rondom die kleuters se selfbeeld goed verstaan het nie. 'n Ander moontlike verklaring kan wees dat vanweë die kinders se milieu-deprivasie, hulle selfkonsep binne die portuurgroep op dieselfde vlak van ontwikkeling kan wees. Die moeders sien volgens Pretorius en Viljoen ( 1999 : 8 ) dit nie raak nie op grond daarvan dat al die kinders in daardie ouderdomsgroep op dieselfde vlak van ontwikkeling ten opsigte van hul selfbeelde is.

### *2.6.3 Dicker, Ferreira en Pretorius se ondersoek*

Volgens Dicker, Ferreira en Pretorius ( 1996 : 139 ) is milieubenadeelde kleuters dikwels op grond van hul sosio-kultureel en sosio-ekonomies gedepriveerde lewensituasie nie skoolgereed wanneer hulle tot die formele onderrigsituasie toetree nie. Hierdie kleuters is nie gedurende hulle voorskoolse jare voorberei en gereedgemaak vir die formele skoolsituasie nie. Dit het tot gevolg dat hulle nie suksesvol by die skool kan inskakel en baatvind by dit wat die skool bied nie.

Dicker et al. ( 1996 : 140 ) beklemtoon die feit dat die milieubenadeelde kleuter deur bepaalde faktore in sy problematiese situasie negatief beïnvloed word, bv. armoede, wanvoeding, emosionele deprivasie weens die afwesigheid van ouers, ens. Dit is hierdie negatiewe faktore wat tot gevolg het dat die kleuter belemmer word in die proses om skoolgereed te raak, en nie die kleuter se basiese aanleg nie.

Milieubenadeelde kleuters is dikwels vasgevang in 'n bese kringloop van gebrekkige opvoeding en onbetrokke ouers wat hul kleuters emosioneel, sosiaal en intellektueel verwaarloos.

Dicker et al. ( 1996 : 139 ) is van mening dat milieubenadeelde ouers leiding nodig het ten opsigte van die opvoeding van sy kleuter sodat die kleuter meer effektief tot skoolgereedheid begelei kan word.

Uit die ondersoek wat Dicker et al. ( 1996 : 141-143 ) gedoen het, het gevolg dat milieubenadeelde ouers 'n behoefte ervaar om meer kennis, inligting en opvoedingsvaardighede te bekom sodat hulle hul kleuters beter kan toerus met daardie vaardighede wat in die formele onderrigsituasie van hulle verwag word.

#### *2.6.4 Moletsane en Bouwer se ondersoek*

Daar is 'n groot behoefte in Suid-Afrika aan dagsorg van goeie gehalte vir die kinders van werkende moeders. Moletsane en Bouwer ( 2000 : 30-43 ) het 'n lys van kriteria saamgestel aan die hand waarvan dagsorgsentrums in Suid-Afrika geëvalueer kan word.

Eerstens word gekyk na die rol wat spel in die kleuter se vroeë ontwikkeling speel. Dit is belangrik dat kleuters aan verskillende vorme van spel in verskillende situasies blootgestel moet word. Daar moet geleentheid wees vir verskillende binnemuurse sowel as buitemuurse speletjies:

- georganiseerde en gestruktureerde spel onder toesig
- individuele sowel as groepspeel
- die blootstelling aan speletjies met reëls sowel as speletjies sonder reëls
- kompeterende spel sowel as nie-kompeterende spel

Tweedens moet die kleuter genoeg blootstelling aan boeke kry. Moletsane en Bouwer (2000 : 31 ) argumenteer dat indien kinders gedurende hul vroeë ontwikkeling aan boeke blootgestel word, dit die eerste tree in die rigting van geletterdheid is. 'n Liefde en respek vir boeke moet by kinders gekweek word en hulle moet daagliks aan 'n verskeidenheid van boeke blootgestel word. Verder is dit ook belangrik dat daar elke dag vir kinders stories vertel en/of voorgelees word. Hiermee saam moet kinders die geleentheid kry om self ook stories te vertel en om vrae te vra oor stories wat aan hulle geles of vertel is.

Gedigte en sang kan 'n verdere bydrae lewer tot die voorskoolse kind se taalontwikkeling en bied vir die kind die geleentheid om uitdrukking te gee aan sy gevoelens ( Moletsane en Bouwer 2000 : 34 ).

Kunsaktiwiteite help kinders ontwikkel deur kreatiewe denke en gevoelens. Verder help dit in die ontwikkeling van fyn motoriese vaardighede en visuele persepsie wat later nodig is om te leer lees en skryf ( Moletsane en Bouwer 2000 : 32 ).

Perseptueel-motoriese aktiwiteite speel 'n uiters belangrike rol in vroeë kinderontwikkeling. Dit is noodsaaklik dat kinders blootgestel moet word aan legkaarte, boublokke en ander opvoedkundige speletjies waardeur hul wiskundige , lees- en skryfvaardighede ontwikkel word. Verder word kinders se woordeskat in die proses van die speletjie uitgebrei. Laastens is dit goed vir die kind se selfbeeld elke keer as hy 'n speletjie voltooi.

Armoede, groot gesinne en 'n tekort aan liefde het dikwels 'n negatiewe invloed op vroeë kinderontwikkeling. In groot gesinne wat in armoedige toestande en 'oorbevolkte' omstandighede moet bly, word die ouers onder baie druk en spanning geplaas. Kinders wat grootgemaak word deur gespanne en gefrustreerde ouers kry dikwels nie genoeg aandag en liefde nie, en die moontlikheid bestaan dat hulle gedrags- en emosionele probleme gaan ontwikkel. Moletsane en Bouwer ( 2000 : 33 ) het waargeneem dat baie kinders onder sulke omstandighede konsentrasieprobleme het.

Onderwysers en assistente by die dagsorgsentrum moet hierdie kinders ondersteun en oorlaai met liefde en aandag. Hulle moet bedag wees op kinders wat ontsteld of emosioneel verwaarloos by die sentrum aankom.

‘n Gebalanseerde dieet is noodsaaklik vir alle aspekte van die voorskoolse kind se ontwikkeling, bv. fisiese, geestelike, sosiale en emosionele ontwikkeling ( Moletsane en Bouwer 2000 : 33 ).

‘n Gesonde kind se geleentheid om fisies en emosioneel te ontwikkel is baie beter ( Moletsane en Bouwer 2000 : 33 ).

Ongeletterde ouers slaag nie daarin om vroeë geletterdheidsontwikkeling in hul voorskoolse kinders te bevorder nie. Baie ongeletterde ouers toon volgens Moletsane en Bouwer ( 2000 : 33 ) weinig of geen belangstelling in hul kinders se voorskoolse ontwikkeling. Sulke ouers behoort deur onderwysers gelei en gehelp word oor hoe om ‘n bydrae te lewer tot die voorskoolse ontwikkeling van hul kinders. Verder behoort ouers ingelig te wees oor hoe om hul kinders op ‘n konstruktiewe wyse te dissiplineer.

Twee verskillende dagsorgsentrum is lukraak gekies. Die een is geleë in ‘n informele gemeenskap in Mamelodi, ‘n voorstad van Pretoria, en die ander een in die middestad van Pretoria.



Moletsane en Bouwer ( 2000 : 40 ) het tot die gevolgtrekking gekom dat beide dagsorgsentrums hul primêre funksie vervul het, nl. om kinders fisies te versorg tewel hulle ouers werk.

Dagsorgsentrum in “informal settlement” : Hierdie dagsorgsentrum slaag nie daarin om aan die kriteria vir geletterdheidsopvoeding te voldoen nie. Die hoofrede is nie as gevolg van ‘n tekort aan fondse nie, maar eerder omdat die eienaar en haar assistent nie gebruik maak van vrylik beskikbare bronne tot voordeel van die kinders nie. In hierdie sentrum word gesteun op ontwikkeling wat insidenteel en onafhanklik binne ‘n sosiale konteks plaasvind deur ekspressiewe taal, spel en sang. Leer wat plaasvind deur die ontwikkeling van vaardighede soos in lees, kuns en perseptuele aktiwiteite word feitlik heeltemal geïgnoreer ( Moletsane en Bouwer 2000 : 41 ).

Dagsorgsentrums in die middestad : Die onderwysers het hier meer bronne tot hul beskikking en gebruik dit tot voordeel van die kinders. Verder improviseer die onderwysers deur gebruik te maak van materiaal wat vrylik beskikbaar is. Hoewel genoeg fondse beskikbaar was om materiaal aan te koop, is kinders aangemoedig om speelgoed van afvalmateriaal te maak ( Moletsane en Bouwer 2000 : 41 ).

Volgens Moletsane en Bouwer ( 2000 : 41 ) was die grootste probleem ‘n tekort aan kennis, vaardighede, opleiding en inisiatief om te improviseer waar daar onvoldoende bronne was.

### *2.6.5 Slot*

Die navorsing wat in hierdie afdeling bespreek is, bevestig die bewerings wat in hoofstuk 1 gemaak is, naamlik dat baie kinders uit histories benadeelde gemeenskappe nie gereed is vir die formele onderrigsituasie wanneer hulle skool toe moet gaan nie.

Elkeen van hierdie ondersoeke is egter gedoen vanuit volwassenes se perspektief. In die literatuur kon geen Suid-Afrikaanse ondersoek gevind word wat vanuit die kind se perspektief gedoen is nie.

In die volgende hoofstuk word die ondersoek bespreek wat wil vasstel hoe die vyfjarige kleuter die sisteme wat hom in sy vroeë ontwikkeling behoort te ondersteun, ervaar.

## Hoofstuk 3

### **Navorsingsontwerp en -metodologie**

#### **3.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk word beskryf hoe die ondersoek gedoen is. Die eerste afdeling beskryf die presiese metode wat gevolg is. Vervolgens word beskryf wie aan die ondersoek deelgeneem het en watter data-insamelingsmetodes gebruik is. In die volgende afdeling word uiteengesit hoe die data wat verkry is, geanaliseer is. Dit word gevolg deur die stel van die etiese riglyne vir die ondersoek. In die voorlaaste afdeling volg die resultate van die ondersoek, en ten slotte word die resultate bespreek.

#### **3.2 Navorsingsmetodologie**

##### *3.2.1 Kwalitatiewe navorsing*

Die ondersoek wat in hierdie studie gedoen word, is kwalitief van aard. Die doel van die studie is om vas te stel hoe vyfjarige hul sosiale ondersteuningsisteme ervaar. Vyfjarige kan nog nie lees of skryf nie. Gevolglik is dit onmoontlik om 'n ondersoekmetode te gebruik met vraelyste en ander geskrewe meetinstrumente.

Nog 'n rede waarom kwalitatiewe navorsing gebruik word eerder as 'n metode waar gebruik gemaak word van syfers en statistiese analyses, is dat dit in hierdie ondersoek gaan om menslike ervarings. Volgens Bless en Higson-Smith ( 2000 : 38 ) bied taal in baie gevalle 'n baie meer sensitiewe en betekenisvolle wyse waarmee menslike ervarings aangeteken kan word. Die geskrewe woord eerder as statistiese data word gebruik om inligting oor mense se leefwêreld te kwalifiseer en aan te teken. Taal word dus gebruik as die instrument waarmee sosiale realiteit aangeteken word.

Volgens Merriam ( 1998 : 6 ) is kwalitatiewe navorsers geïnteresseerd in die betekenis wat mense konstrueer, hoe hulle hul wêreld verstaan en die ervaring wat hulle van hul wêreld het.

### 3.2.2 *Empiriese ondersoek*

#### 3.2.2.1 Loodsondersoek

Voordat met die werklike ondersoek begin is, is 'n loodsondersoek gedoen waaraan twee kinders van die crèche deelgeneem het. Die ondersoeker het gevind dat die volgende aspekte van die ondersoek aangepas moes word :

- Daar moes meer karakters in die storie bygewerk word sodat die kinders meer 'oefening' kon kry in die gebruik van die 5-baan kaart.

- Die storie moes verkort word.
- Daar moes meer prente van gesigte met verskillende gesigsuitdrukings bygekry word.
- Die ondersoeker het besef dat kinders van hierdie ouderdom uiters beïnvloedbaar is, en dat sy tydens die ondersoek so neutraal moontlik moet bly.

Die resultate van die loodsondersoek is nie saam met die resultate van die werklike ondersoek geanaliseer nie.

#### 3.2.2.2 Onderzoekgroep

Twaalf kleuters het aan die ondersoek deelgeneem.


Ses kleuters wat daagliks na 'n crèche gaan in 'n histories benadeelde gemeenskap aan die Weskus het aan die werklike ondersoek deelgeneem. Die ondersoek is by die crèche gedoen.

Die ander deelnemers aan die ondersoek was ses kleuters uit dieselfde gemeenskap wat hoofsaaklik deur hul moeders gedurende die dag versorg word en dus nie by die crèche is nie. Die ondersoek is by elkeen van die kleuters se huise gedoen.

Semi-gestruktureerde onderhoude is met die hoof van die crèche gevoer asook met elke moeder van die kleuters wat nie in die crèche is nie.

### 3.2.2.3 Die meetinstrument

In hierdie ondersoek word gebruik gemaak van Samuelsson et al.( 1996 : 327 ) se hersiene weergawe van die 5-baan kaart. Die kaart bestaan uit ses konsentriese sirkels en is verder verdeel in vyf bane wat die gesin, familieledede, formele kontakte, skool en vriende of bure verteenwoordig. Met die kaart kan vasgestel word watter persone 'n belangrike rol in die lewe van die kind speel. Die emosionele nabyheid wat 'n kind ten opsigte van 'n persoon ervaar, kan bepaal word op grond van hoe naby aan die middelpunt van die sirkel – wat die kind in die ondersoek verteenwoordig – die persoon geplaas word.



Figuur 1 : 5-baan kaart

#### 3.2.2.4 Ondersoekmetode

Elke kleuter neem individueel aan die ondersoek deel. Data-insameling van die kleuters in die crèche vind by die crèche plaas, terwyl data-insameling by die ander kleuters by hul huise plaasvind.

Die prosedure vir die ondersoek verloop as volg:

- *Informele gesprek om die kleuter op sy gemak te laat voel*

Die ondersoeker begin deur informeel met die kleuter te gesels om die kleuter op sy gemak te stel.

- *Prosedure om die kleuter aan die 5-baan kaart bekend te stel*

'n Storie word aan die kleuter vertel waarna die ondersoeker aan die kleuter verduidelik hoe die 5-baan kaart werk : As 'n mens ( hoofkarakter van die storie in die middel van die kaart ) vir iemand lief is of baie van hom hou, wil jy daardie persoon ( 'n ander karakter wat in een van die bane op die kaart geplaas moet word ) graag naby aan jou hê. So iemand sal dus naby aan die een in die middel geplaas word. As 'n mens ( in die middel van die kaart ) egter nie van iemand hou nie, sal jy hom verder weg plaas van die persoon in die middel.

Na afloop van die storie moet die kleuter 'n prentjie vir elke karakter kies uit 'n wye verskeidenheid prentjies van mans, vrouens en kinders van verskillende ouderdomme met verskillende gesigsuitdrukkings. Daar word vir elke prentjie wat gekies is vir die kleuter gevra waarom die betrokke gesig gekies is. Nadat die prentjie gekies is, moet dit met 'n stukkie wondergom op 'n blokkie vasgeplak word sodat dit lyk na 'n mens wat regop staan. Die hoofkarakter van die storie, 'n onbekende dogtertjie of seuntjie (afhangende of die kleuter vir wie die storie vertel word 'n dogtertjie of 'n seuntjie is), word in die middel van die kaart geplaas. Die kleuter moet dan die res van die karakters plaas met betrekking tot die hoofkarakter. Vir elke kind word 'n nuwe 5-baan kaart wat op 'n A3-grootte vel papier gedruk is, gegee.

Die ondersoeker probeer by hierdie stap seker maak dat die kleuter verstaan hoe die 5-baan kaart werk.

- *Toepassing van die 5-baan kaart*

Vervolgens verduidelik die ondersoeker aan die kleuter dat hy nou sy eie storie op die kaart gaan plaas met die kleuter self in die middel van die kaart. Aan die hand van vrae wat aan die kleuter gevra word, noem die kleuter die mense op vir wie hy almal ken. Die ondersoeker skryf die name neer soos die kleuter dit noem. Daarna word die kleuter gevra om die persone op die lys vir wie hy graag wil teken op 'n stuk papier te teken. Daar word vir elkeen van die persone wat die kleuter kies, gevra waarom hy die betrokke persoon wil teken. Nadat hy klaar geteken het, moet die kleuter vir elke persoon op die



lysie 'n prentjie kies, met wondergom op 'n blokkie vasplak en op die 5-baan kaart plaas. Vir elke prentjie wat hy kies, vra die ondersoeker vir die kleuter gevra waarom hy die betrokke prentjie gekies het, en waarom hy die betrokke plasing gedoen het soos hy dit gedoen het. Die ondersoeker merk elke plasing op die kaart met 'n X merk en skryf watter persoon dit verteenwoordig.

- *Kort, semi-gestruktureerde onderhoude met die kleuter*

Die sessie word beëindig met 'n kort semi-gestruktureerde onderhoud. Die hele sessie duur ongeveer 40-50 minute.

'n Week later word nog 'n semi-gestruktureerde onderhoud met die kleuter gevoer met dieselfde vrae as in die eerste onderhoud.

- *Onderhoude met primêre versorgers*

Laastens word onderhoude gevoer met die hoof van die crèche, en met elke moeder van die kinders wat nie in die crèche is nie.

### 3.2.2.5 Data-insameling

In hierdie betrokke ondersoek word gebruik gemaak van doelgerigte steekproeftrekking waar van die veronderstelling uitgegaan word dat die navorser wil ontdek, verstaan en insig verkry. Proefpersone word dus gekies met die doel om die navorser van soveel inligting moontlik te voorsien.

Merriam ( 1998 : 61 ) stel voor dat die navorser voor die steekproeftrekking 'n lys van kriteria moet saamstel waaraan die proefpersone moet voldoen.

Die kriteria vir hierdie ondersoek is die volgende:

- vyfjarige kinders
- kinders uit 'n histories-benadeelde gemeenskap

'n Sneeubalsteekproeftrekking is in hierdie ondersoek gedoen wat behels dat elke deelnemer gevra word om die navorser te verwys na ander moontlike deelnemers wat aan bogenoemde kriteria voldoen. Aan die loodsprojek het twee vyfjarige kleuters wat in die crèche is, deelgeneem. Ses vyfjarige kleuters van die crèche het aan die werklike ondersoek deelgeneem. Hierdie kinders woon in 'n histories benadeelde gemeenskap aan die Weskus. Die kinders noem hierdie deel wat 'n ouer en meer gevestigde deel is *Die Blok*. Die ander ses deelnemers aan die ondersoek kom uit 'n buurt wat deur die kinders *Hopland* genoem word. Die huise in hierdie buurt wat aan die einde van verlede jaar betrek is, is gebou deur die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram wat deur die regering

gefinansier word. Baie van die mense wat in hierdie huise ingetrek het, het voorheen in  
haglike omstandighede gewoon.

In hierdie ondersoek word gebruik gemaak van drie data-insamelingsmetodes :

- onderhoude
- waarnemings / observasies
- dokumente soos gegeneer deur die navorser:
  - die 5-baan kaart
  - die kleuters se tekeninge

(i) Onderhoude

Die onderhoude wat in hierdie ondersoek gevoer is, is semi-gestruktureerd. Hoewel  
vooraf 'n lys vrae opgestel is om gedurende die onderhoude te vra, is daar afgewyk van  
die volgorde en presiese woorde van die vraelys ( Merriam 1998 : 74 ).

Onderhoude is met elke kleuter 'n week na die meetinstrument gebruik is, gevoer.  
Laastens is 'n onderhoud met die primêre versorgers van elke kind gevoer, dit wil sê die  
persoon by wie die kind gedurende die dag bly.

(ii) Waarnemings / observasies

Volgens Merriam ( 1998 : 94 ) is waarnemings naas onderhoude ‘n primêre bron van data in kwalitatiewe navorsing. In die proses om data in te samel is informele onderhoude en gesprekke dikwels verweef met waarnemings. Merriam ( 1998 : 95 ) lig veral twee positiewe eienskappe van waarnemings / observasies in kwalitatiewe navorsing uit wat van waarde is vir hierdie betrokke ondersoek :

- waarnemings kan gebruik word om ontluikende ( “emerging” ) bevindings te trianguleer; dit word dus gebruik saam met onderhoude en die analise van dokumente om bevindinge te substansieer
- volgens Merriam ( 1998 : 96 ) is persone soms onwillig om oor sekere onderwerpe te praat, of in hierdie ondersoek het die kleuters nie altyd die nodige woordeskate tot hul beskikking om hulleself te kan uitdruk nie

Volgens Merriam ( 1998 : 97 ) is dit nie vir die navorser moontlik om alles waar te neem nie. Sy gee as ‘n riglyn die volgende lys om van gebruik te maak :

- fisiese omgewing
- deelnemers
- aktiwiteite en interaksies
- gesprekvoering

- subtiële faktore
- gedrag van die navorser

(iii) Dokumente soos gegenereer deur die navorser

'n Derde metode waarmee data in hierdie betrokke ondersoek ingewin is, is deur dokumente wat deur die navorser gegenereer is. Volgens Merriam ( 1998 : 119 ) is dit dokumente wat deur die navorser voorberei is vir sy betrokke ondersoek. Die spesifieke doel van dokumente wat gegenereer is, is om meer inligting te verkry oor die situasie, persoon of gebeurtenis wat ondersoek word.

- die 5-baan kaart
- die kleuters se tekeninge

#### *3.2.4 Data-analise*

Volgens Merriam ( 1998 : 178 ) is data-analise die proses waar daar betekenis uit die data gekry moet word. Merriam argumenteer verder dat daar verskillende vlakke van data-analise is. Sy bespreek die volgende drie vlakke :

- *Beskrywingsvlak*

Die mees basiese aanbieding van 'n ondersoek se bevindings is 'n beskrywende weergawe daarvan. Hierdie beskrywing vereis dat die navorser sorgvuldig moet dink oor watter data relevant is vir die ondersoek en watter data weggelaat behoort te word. Die data moet verwerk word en verbande moet gesoek word sodat die navorser kan uitkom by 'n sinvolle beskrywing van die betekenis waarby hy uitgekóm het deur die verskynsel te bestudeer.

In die data-analise van hierdie ondersoek is daar vir elke kind 'n opsommende beskrywing saamgestel waarin inligting gekry uit die 5-baan kaart, die tekeninge, die onderhoude en die observasies geïntegreer is.

Hoewel die beskrywing van die verskynsel wat ondersoek is 'n belangrike komponent is van kwalitatiewe navorsing, kan 'n ondersoek nie tot hierdie vlak van analise beperk word nie ( Merriam 1998 : 179 ).

- *Vlak van klassifikasie in kategorieë of temas*

'n Hoër vlak van analise as bloot die beskrywing van data is om kategorieë of temas te konstrueer wat herhalende patrone in die data weerspieël. Data moet volgens Merriam ( 1998 : 179 ) gesorteer word in groeperings wat iets in gemeen het.

In hierdie ondersoek is die volgende riglyne ( Merriam 1998 : 183-184 ) gebruik om data te kategoriseer:

- Kategorieë behoort die doel van die ondersoek te reflekteer – die kategorieë behoort antwoorde op die navorsingsvrae te wees.
- Kategorieë moet omvattend wees – alle relevante inligting tot die ondersoek behoort in ‘n kategorie of subkategorie geplaas te kan word.
- Kategorieë moet wedersyds uitsluitend wees – ‘n gedeelte data behoort in slegs een kategorie te pas.
- Kategorieë se name moet so gekies wees dat as ‘n buitestaander dit sou lees, dit vir hom betekenisvol sou wees.

In afdeling 3.5 word die resultate van die ondersoek aan die hand van bogenoemde twee vlakke van data-analise bespreek. Die opsommende beskrywings wat vir elke kind saamgestel is, is gebruik om vier kategorieë of temas te identifiseer wat al die relevante inligting tot die ondersoek omvat.

- *Vlak van nuwe teorieë*

Om oor die data te dink en daarvoor te teoretiseer is nog ‘n hoër vlak van analise ( Merriam 1998 : 187 ). Meestal is dit nie genoeg om die data bloot in kategorieë te groepeer nie. Daar is dikwels meer rondom die verskynsel wat verstaan behoort te word.

Daar moet verbande gesoek word tussen die konseptuele elemente, dit wil sê die kategorieë, om sodoende by nuwe inligting of waarhede rondom die verskynsel wat bestudeer is uit te kom. In afdeling 3.6 word daar na sulke verbande gesoek.

### **3.3 Geldigheid en betroubaarheid van die ondersoek**

#### *3.3.1 Geldigheid*

Volgens Merriam ( 1998 : 201 ) hou interne geldigheid verband met hoe die bevindinge van 'n ondersoek ooreenstem met die realiteit. Wat in kwalitatiewe navorsing waargeneem word en hoe die navorser die geldigheid van hierdie waarnemings vasstel word as volg deur Merriam ( 1998 : 203 ) beskryf :

*“What is being observed are people’s construction of reality – how they understand the world...And because human beings are the primary instrument of data collection and analysis in qualitative research, interpretations of reality are accessed directly through their observations and interviews. We are thus “closer” to reality than if a data collection instrument had been interjected between us and the participants. Most agree that when reality is viewed in this manner, internal validity is a definite strength of qualitative research. In this type of research it is important to understand the perspectives of those involved in the phenomenon of interest, to uncover the complexity of human behavior in a contextual framework, and to present a holistic interpretation of what is happening.”*

In hierdie ondersoek word die volgende drie strategieë gebruik om die interne geldigheid van die ondersoek te versterk :



- *Triangulering*

Daar word gebruik gemaak van verskillende data-insamelingsmetodes : onderhoude, observasies en dokumente gegenereer deur die ondersoeker. Daar word ook gebruik gemaak van verskillende databronne. Nie net kinders is in die ondersoek gebruik nie, maar daar is ook onderhoude gevoer met hul primêre versorgers.( Merriam 1998 : 204; Leedy 1997 : 169 ).

- *Deelnemerkontrole ( “member checks” )*

Deurdat ‘n tweede onderhoud met die kinders gevoer is, is data en tentatiewe interpretasies teruggeneem na die deelnemers, en daar is seker gemaak dat die korrekte afleidings gemaak is ( Merriam 1998 : 204 ).

- *Die ondersoeker se vooroordele*

In die inleiding is die aannames en die wêreldsiening van die ondersoeker en die teoretiese agtergrond waarteen die ondersoek gedoen sou word, uiteengesit. Die ondersoeker het gepoog om gedurende die ondersoek nie hiervan af te wyk nie en om ‘n eerlike weergawe te gee van die werklikheid.

### 3.3.2 *Betroubaarheid*

Volgens Merriam ( 1998 : 206 ) moet betroubaarheid in 'n kwalitatiewe ondersoek nie in die tradisionele sin verstaan word as die mate waarin die bevindinge gerepliseer kan word nie, maar eerder of die bevindinge konsekwent is en vertrou kan word :

*“...rather than demanding that outsiders get the same results, a researcher wishes outsiders to concur that, given the data collected, the results make sense – they are consistent and dependable. The question then is not whether findings will be found again but whether the results are consistent with the data collected.”*

Die volgende riglyne ( Merriam 1998 : 206 ) is gebruik om die betroubaarheid en geldigheid van hierdie ondersoek te verhoog :

- triangulering
- 'n goeie beskrywing van die aannames en teorie agter die ondersoek
- 'n motivering waarom die betrokke deelnemers gekies is vir die ondersoek
- 'n volledige beskrywing van die deelnemers
- 'n beskrywing van die sosiale konteks waarvandaan die data gekry is
- 'n beskrywing in detail hoe data versamel is

### **3.4 Etiese riglyne**

Die volgende etiese riglyne is gevolg om die betrokkenes te respekteer, in ag te neem en in te lig :

- Elke ouer wie se kind betrokke was by die ondersoek is skriftelik ingelig oor wat die ondersoek sou behels; en elke ouer moes skriftelik toestemming gee dat die kind daaraan kon deelneem.
  
- Die ondersoeker het gepoog om te alle tye neutraal, en ook eerlik te wees in die versameling en analisering van die data.

### **3.5 Navorsingsresultate**

In hierdie afdeling word al die data wat uit die ondersoek verkry is aan die hand van die riglyne wat in afdeling 3.2.4 bespreek is in temas gekategoriseer. Daar is vier hooftemas geïdentifiseer. Die data van die kinders in die crèche word eerstens bespreek en daarna die data van die ander groep kleuters. Verder is 'n pre-primêre onderwyseres gevra om die kleuters se tekeninge te evalueer en te interpreteer.

### 3.5.1 Kinders in die crèche

#### *Tema 1 : Primêre versorger*

- Wie is die primêre versorger?

Al ses kinders se primêre versorger is die crèche. In die geval van siekte of om enige ander rede waar die crèche nie in die versorgingsbehoefes van die kind kan voorsien nie, is die persoon wat dan instaan vir die versorging van die kinders sonder uitsondering by al die kinders die ouma. In die meeste van die gevalle is die oupa en ouma deel van dieselfde huishouding of andersins bly hulle baie naby.

- Wie verkies die kleuter as sy primêre versorger?

Op die vraag by wie hulle gedurende die dag wou bly as hulle kon kies, het sommige die moeder, ander die vader en sommige die ouma gekies. Feitlik al die redes waarom die betrokke persoon gekies is, het met dissipline verband gehou. Die een seuntjie het die volgende antwoord gegee nadat hy gekies het om by sy pa te bly :

*“My ma gee vir my te veel pak slae. Ek het niks verkeerd gedoen nie, toe gee sy my pak slae.”*

‘n Dogtertjie wat gekies het om by haar ouma en oupa te bly, het as volg reageer :

*“My ma en pa skel op ‘n mens. Elke dag.”*

Sommige ander kon nie verbaal verklaar waarom hulle die betrokke persoon gekies het nie.

Dit was opvallend dat nie een van die kinders gekies het om eerder by die crèche te bly nie.

- Plasing op die 5-baan kaart

Met die uitsondering van twee gevalle het geblyk dat die kleuters die 5-baan kaart begryp het en verstaan het hoe om dit te gebruik. By die storie het hulle oor die algemeen gesigte gekies wat goed by die karakter in die storie gepas het. Hulle kon egter nie verduidelik waarom hulle die betrokke gesig vir die karakter gekies het nie. Hulle kon wel die plasing op die 5-baan kaart doen. By die plasing van gesins-, familieledede en kennisse kon hulle ook nie in woorde verduidelik waarom hulle dit so gedoen het nie. Die plasings het wel ooreengestem met die onderhoude.

Daar is in beide onderhoude aan die kleuters gevra by wie hulle die graagste sou wou bly gedurende die dag. Almal het in beide onderhoude dieselfde antwoord gegee :

Ouma en/of Oupa	2
Ma	2
Pa	2
Crèche	0

Bogaande syfers het ook ooreengestem met die plasings wat op die 5-baan kaart gedoen is.

Verder was dit opvallend dat meer as die helfte van die kleuters die hoof van die crèche op die buitenste rand van die 5-baan kaart geplaas het. Die ander twee helpers by die crèche se name is behalwe by een kleuter deur geen ander kleuter genoem nie.

### *Tema 2 : Stimulasie*

Volgens vier van die kleuters speel hulle vader saam met hulle, en een van hierdie vier kleuters het gesê dat haar moeder ook soms saam met haar speel. Naas popspeel, visvang, met karretjies speel en huisie-huisie speel, het drie van hierdie vier kinders ook legkaarte, boublokke, tekenkryte en –boeke. Laasgenoemde drie kleuters is volgens die hoof van die crèche selfversekerde en gelukkige kinders. Twee van die kinders kom uit gelukkige huisgesinne en kry baie aandag en liefde van hul ouers. Die derde kleuter se ouers is geskei. Hy gaan egter gereeld vir 'n naweek saam met sy vader wat klaarblyklik ook baie aandag en tyd aan hom bestee. Die vierde seuntjie sê dat sy vader saam met hom speel, maar sy moeder glad nie. Die crèche-hoof is egter van mening dat hy te min aandag van sy ouers kry en by die crèche gedragsprobleme toon. In beide onderhoude was hy baie terughoudend. Hy het op 'n hele paar vrae glad nie gereageer nie en net weggekyk of sy onderlip styf vasgebyt.

Die oorblywende twee kleuters het min speelgoed en geen opvoedkundige speelgoed nie. In beide gevalle is die huislike omstandighede swak. Die een dogtertjie se vader dien tronkstraf uit op aanklag van verkragting. Haar moeder is gedurende die dag 'n huishulp, en saans en naweke werk sy by 'n restaurant. Die dogtertjie is in die dag by die crèche, en verder pas haar twaafjarige sussie haar op.

Die seuntjie kry volgens die crèche-hoof te min aandag by die huis. Hy toon probleme ten opsigte van gedrag en konsentrasie. Verder slaap hy by sy ouers op een bed. Dit het tot gevolg dat hy saans tot laat wakker is en alles op televisie kyk wat hulle kyk. Die feit dat hy saam met sy ouers op een bed slaap het probleme by die crèche tot gevolg gehad wat deur die crèche-hoof aangespreek moes word.

Laastens is die crèche-hoof ondervra oor die hoeveelheid stimulasie wat die kleuters by die crèche kry. Volgens haar bou hulle in die oggende legkaarte, speel met blokkies en teken. In die middag word daar vir hulle stories gelees. Verder speel die kleuters maar op hul eie. Een van die kleuters het in 'n onderhoud die volgende gesê :

*"...auntie G\_\_\_ sit net op die 'stage' – sy speel nie met ons nie"*

Die ondersoeker het nie een keer dat sy daar aangekom het die kleuters konstruktief besig gehou gekry nie. Hulle het op hul eie gespeel met die personeel wat net toesig hou. Die dag is nie ingedeel volgens verskillende aktiwiteite waaraan kinders in hul verskillende ouderdomsgroepe en op hul verskillende vlakke van ontwikkeling kan deelneem nie.

*Tema 3 : Die kleuters se vlak van ontwikkeling*

Vier van die kleuters – dieselfde vier kleuters wat in die eerste paragraaf van Tema 2 bespreek is – het aandagtig na die storie geluister en het die feite van die storie reg gehad nadat dit klaar vertel is. Hulle het prentjies gekies wat geskik was vir die karakters in die storie. Hul fyn motoriese vaardigheid is redelik goed ontwikkel. Dit kon gesien word uit die wyse waarop hulle die prentjies met 'n stukkie wondergom op 'n blokkie moes vasplak, sowel as uit die prentjies wat hulle geteken het. Hulle het 'n goeie begrip gehad van hoe die 5-baan kaart werk en het die plasing van die karakters uit die storie sowel as dié van hul gesinslede en kennisse goed beheer.

Twee van die kleuters het byna niks van die storie onthou nie. Verder was dit nie duidelik hoeveel hulle verstaan het van hoe die 5-baan kaart werk nie. Veral die een dogtertjie het weinig min of geen begrip getoon van hoe om die plasing op die 5-baan kaart te doen. Sy, asook die een seuntjie, was onbehandig met die prentjies wat op die blokkies vasgesit moes word.

Wat opvallend van al die kleuters in hierdie groep was, was dat hulle emosionele woordeskat baie beperk is. Byna almal het byvoorbeeld 'n prentjie met 'n streng gesigsuitdrukking gekies wat by die karakter van die stiefma in die storie gepas het. Almal het egter op die vraag waarom hulle die betrokke prentjie gekies het, geantwoord omdat dit 'mooi' is. Die enigste woorde wat gebruik is om emosies uit te druk, is 'mooi' en 'skel'.



Drie van die ses kleuters was baie kriewelrig tydens die ondersoek. Die een het die hele tyd met sy hande gevroetel, die ander een het gevroetel met die apparaat op die tafel en die derde een het aanhoudend vorentoe en agtertoe in sy stoel gewieg. Hulle kon nie vir baie lank konsentreer voordat hulle aandag deur iets afgelei is nie.

Die ander drie kleuters – dieselfde drie wat in Tema 2 bespreek is en wat heelwat aandag van hul ouers by die huis kry – het met aandag na die storie geluister, 'n goeie begrip daarvan gehad en vir die res van die ondersoek gefokus gebly.

#### *Tema 4 : Ekonomiese status*

Drie van die kleuters kom uit gebroke huisgesinne. Die een seuntjie se biologiese pa, 'n polisieman, is drie jaar gelede oorlede. Sy moeder en vader was egter nooit getroud nie. Hy weet nie sy vader is oorlede nie en het geen kontak met sy biologiese vader se familie nie. Hy spreek sy ouma as ma aan, sowel as sy eie moeder; en hy spreek sy oupa as pa aan. Sy oupa, ouma en moeder werk al drie gedurende die dag.

'n Tweede seuntjie se ouers is geskei. Hy woon saam met sy moeder by familie en sien sy vader wat naby op 'n plaas bly gereeld gedurende naweke. Sy moeder werk elke dag.

Een van die dogtertjies se vader is in die tronk. Gedurende die dag is haar moeder 'n huishulp, en saans en naweke werk sy in 'n restaurant.

Die ander drie kleuters kom uit normale gesinne waar beide ouers werk.

In die geval van die laaste drie kleuters is dit net die gesin wat in die huis bly. Die ander drie kleuters woon saam met hul ouers by ander familieledede waar daar dan ook nog ander ooms / tannies / niggies / nefies / in die huis is.

Al die kleuters het elke keer goed versorgd voorgekom.

Hoewel daar van die enkelouerma's is wat finansieel swaarkry, is daar volgens die crèche-hoof geeneen van die kinders wat 'n tekort aan kos het nie. Elke kind, selfs die wie se ouers nie finansieel so sterk is nie, het elke dag 'n kospakkie met 'n koeldrankie.

### *3.5.2 Die groep kleuters wat nie in die crèche is nie*

#### Tema 1 : Primêre versorger

- *Wie is die primêre versorger?*

Indien die moeder werk, is die ouma die primêre versorger. Wanneer die moeder nie werk nie, is die kleuter by die moeder. Die ondersoeker het egter elke keer dat sy vir 'n onderhoud gegaan het, gevind dat die kleuters maar êrens buite speel en selde in die huis by die moeder of ouma is. Die een dogtertjie het die volgende hieroor gesê:

*“Ouma speel nie. Sy maak net die huis skoon. Ons mag nie binne speel nie.”*

- *Wie verkies die kleuter as sy primêre versorger?*

Op die vraag by wie hulle gedurende die dag sou bly as hulle kon kies, het die een helfte hul ouma gekies en die ander helfte hul moeder. Die meeste van die kleuters kon nie ‘n rede gee waarom hulle kies om by die betrokke persoon te bly nie.

Die een seuntjie wat gekies het om eerder by sy moeder as sy ouma te bly, het wel die volgende rede gegee :

*“want my ouma D... is onbeskof met my”*

‘n Dogtertjie wat gekies het om by haar ouma te bly het as volg reageer:

*“Sy speel die meeste saam met my. Sy wys my hoe om my speelgoedjies reg te pak as ek in my huisie is.”*

- *Plasing op die 5-baan kaart*

Hierdie groep kleuters het oor die algemeen ‘n swakker begrip gehad van hoe die 5-baan kaart werk. Die prente wat hulle gekies het vir die karakters in die storie het baie keer nie

ooreengestem met die persoonseienskappe van die karakters in die storie nie. Die meeste van die kleuters was so geïnteresseerd in die prentjies en wie se prentjies dit is, die blokkies en die wondergom dat hulle nie op die opdrag kon fokus en dit kon uitvoer nie.

Dit was nie vir die ondersoeker duidelik, vir twee van die kleuters, of hulle verstaan het waarom die 5-baan kaart gaan nie. Verder kon hulle nie verduidelik waarom hulle 'n betrokke prentjie gekies het, en waarom hulle 'n betrokke plasing op die 5-baan kaart gedoen het nie.

## Tema 2 : Stimulasie

Een dogtertjie het gesê dat haar moeder en vader saam met haar speel. 'n Ander het gesê dat haar ouma saam met haar speel. Verder het al die ander kleuters aangedui dat nie hul ouers of die ouma wat hulle versorg met hulle speel nie.

In al die onderhoude het die moeders gesê dat hulle min tyd aan hulle kinders bestee omdat hulle nie tyd het nie – die werkende sowel as die nie-werkende moeders.

Die een moeder het op die vraag oor hoeveel tyd sy aan haar kind bestee en hoeveel sy saam met hom speel as volg geantwoord:

*“Vir my voel dit baie min. Ek val vyfuur uit. Dan vereis dié outjie ( bababoetie van een jaar oud ) my aandag.*

*Ek speel nie eintlik nie. As ek uit die werk kom, is dit net kos maak, kinders bad en so aan.”*

Twee ander moeders het as volg reageer :

*“As hy soggens opstaan, is hy uit by die deur. Hy hou homself besig.”*

*“Nie gereeld nie. Soms ‘games’... ( stilte )... slangetjiesbord of so.”*

Op die vraag oor hoeveel storieboeke gelees word, het die een moeder gesê dat sy by die biblioteek boeke uitneem en as daar tyd is, ‘n storie lees. Twee van die ander moeders het gesê dat hulle vir hulle kinders stories vertel, maar nie baie gereeld nie. Hulle het ook geen kinderstorieboeke in die huis nie. Die oorblywende moeders het ook gesê dat hulle nie tyd het vir stories vertel of lees nie.

Behalwe vir die een moeder wat aangedui het dat haar kind “ABC puzzles” het en twee moeders dat hulle kinders kryte en inkleurboeke het, het al hierdie kinders geen opvoedkundige speelgoed nie. Oor die algemeen het hulle poppe, motortjies en balle. Volgens die moeders het die kinders min of geen speelgoed omdat hulle dit breek:

*“Hy het nie eintlik speelgoed nie, want alles is opgebreek.”*

*“Sê vir Mevrouw jy het alles opgebreek.”*

Die meeste van die kleuters is fisies min by hul versorgers. Hulle is gewoonlik iewers in die strate waar hulle saam met ander kinders speel.

### Tema 3 : Ontwikkelingsvlak van die kleuters

Met die uitsondering van een seuntjie het die kleuters nadat die storie klaar vertel is, min daarvan onthou en min daarvan verstaan. Die prentjies wat hulle gekies het, het ook nie altyd gepas by die karakter in die storie nie. Verder kon hulle nie verduidelik waarom hulle die prentjie vir die betrokke karakter gekies het nie.

Vier van die kleuters kon die prentjies wat op die blokkies vasgeplak moes word, redelik goed beheer. Die ander twee het probleme ondervind. Hulle kon byvoorbeeld nie 'n opdrag soos *plak die prentjie 'n bietjie hoër op die blokkie vas / skuif die prentjie 'n bietjie hoër op* verstaan en uitvoer nie. Die prentjies was heeltemal verfrommel teen die tyd dat dit op die blokkie vasgeplak was. Dit dui daarop dat hul fynmotoriese vaardighede onderontwikkel is vir hul ouderdom.

Die ondersoeker is oortuig dat drie van die kleuters die plasing op die 5-baan kaart goed verstaan het en goed kon beheer. Die plasings op die 5-baan kaart het ooreengestem met die onderhoude wat met die kleuters gevoer is. Oor die ander drie is die ondersoeker onseker, hoewel daar nie 'n groot diskrepansie was tussen die plasings op die 5-baan kaart en hul onderhoude nie. Dit was egter asof hulle nie emosioneel begryp het wat dit

beteken dat as jy baie van iemand hou jy die persoon graag naby aan jou sou wou hê nie. Dit het geblyk asof die kleuters almal vir wie hulle ken – ongeag of hulle van die persoon hou of nie – naby aan hulleself op die 5-baan kaart wou plaas.

Oor die algemeen kon al hierdie kleuters nie lank konsentreer nie. Hulle het redelik stilgesit en luister na die storie, hoewel die meeste van hulle min daarvan onthou het, maar het daarna begin krielrig raak.

Ook hierdie groep kleuters se emosionele woordeskat is baie beperk – hoofsaaklik tot die woorde ‘mooi’ en ‘skel’.

Die kleuters se tekeninge is as volg deur die pre-primêre onderwyseres geëvalueer :

Twee van die kleuters se tekeninge is wel op die skematiese fase en dus op die verwagte vlak van ‘n vyfjarige. Volgens die pre-primêre onderwyseres ontbreek daar in die tekeninge van beide kinders te veel liggaamsdele wat moontlik op ‘n swak selfbeeld by die kleuters kan dui. Dit kan volgens haar deur die nodige stimulasie en aandag verbeter en later heeltemal reggestel word.

Die ander vier kleuters se ontwikkeling ten opsigte van hul tekeninge is ver onder hul ouderdom. Dit is almal op die vlak van ‘n driejarige. Die een dogtertjie se tekening was volgens die onderwyseres gekontroleerde krabbel wat maar die tweede fase van teken is. Die een seuntjie het aan die ondersoeker gesê dat hy nie iemand kan teken nie. Toe het hy

twee huisies geteken wat volgens die onderwyseres hoewel 'n bietjie klein, goed gevorm is en byna drie-dimensioneel vertoon. Sy het die feit dat hy niemand wou teken nie, interpreteer as 'n moontlike swak selfbeeld en ook as 'n onsekerheid in die mense rondom hom. Dit is moontlik dat sy enigste veiligheid en geborgenheid in die huisies wat vasstaan, is.

#### Tema 4 : Sosio-ekonomiese omstandighede

Twee van die kleuters kom uit gebroke huisgesinne. In die geval van die een dogtertjie was die moeder nooit getroud met die vader van die dogtertjie nie. Die dogtertjie weet wel wie haar vader is.

Die een seuntjie se ouers was ook nooit getroud nie. Hy weet egter wie sy vader is en besoek hom gereeld op 'n naburige dorp waar hy woon.

Drie van die kleuters se gesinne woon alleen in 'n huis, terwyl die ander drie saam met ander familie in 'n huis woon.

Vier van die gesinne woon in huise wat deur die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram gebou is. Hierdie huisies is baie klein. In al vier gevalle word 'n klein woonvertrekkie met behulp van 'n kas afgeskort van die nog kleiner slaapkamer. Die ouers sowel as die kinders moet dus almal in een slaapkamer slaap. In die meeste gevalle moet daar meer as een kind op een bed slaap, en in sommige gevalle slaap die kind by die ouers op die bed.



'n Ander probleem is dat die televisie in die meeste gevalle in die slaapgedeelte van die huis is. Dit het tot gevolg dat die kinders tot laat saam met hulle ouers televisie kyk.

Twee van die kinders se ouers werk beide. Beide enkelouermoeders werk. In die geval van die laaste twee gesinne werk beide vaders, en die moeder werk soms.

Behalwe in die geval van twee gesinne waar aangedui is dat daar soms 'n tekort aan kos is, is die ander gesinne voorsien in hul basiese behoeftes, hoewel dit soms baie swaar gaan:

*"Hy was ( in die crèche ), maar gaan nou nie meer nie. Hy gaan soms na die Sorskyn-crèche. Maar as ek nie 'n eetdingetjie het nie, laat ek hom nie gaan nie. Dit gaan soms swaar."*

*"Sy was die helfte van die jaar daar, maar ons kon haar finansieel nie daar hou nie."*

*"Hy was in die crèche, maar ek het werk opgesê."*

*"As ons nie het nie ( kos ), leen ons maar."*

### **3.6 Bespreking van die Navorsingsresultate**

Die resultate van die ondersoek word bespreek teen die agtergrond van die teoretiese raamwerk wat daargestel is vir die ondersoek en die literatuurstudie wat gedoen is .

Die ondersoeker het in die data-insamelingsproses twee faktore wat 'n beperkende invloed op die resultate van die ondersoek gehad het, ervaar. Eerstens het sy gevind dat die kleuters 'n beperkte bron van data is. Hulle is nog baie jonk en beïnvloedbaar. Die ondersoeker moes dus poog om soveel inligting moontlik van hulle te kry sonder om hulle te beïnvloed. Dit was nie binne hulle vermoë om lang beskrywings te gee van hul ervarings nie, maar het kort en kragtig reageer op vrae wat aan hulle gestel is. Tweedens het dit geblyk dat die moeders met wie die onderhoude gevoer is sowel as die crèche-hoof 'n bepaalde front probeer voorhou het. Die ondersoeker wil nie impliseer dat hierdie persone oneerlik was nie, maar dat hulle gepoog het om die antwoorde op vrae te manipuleer op grond van hul eie vooropgestelde persepsies van wat 'die regte antwoord' sou wees.

Die primêre doelstelling van hierdie ondersoek was om vas te stel wat die vyfjarige kleuter se belewing van sy sosiale ondersteuningsisteme is en wat die aard daarvan is. Die groep kleuters by die crèche word vir die grootste gedeelte van die dag versorg deur die crèche-hoof en haar twee helpers. Die crèche-personeel vervul dus 'n baie belangrike ondersteuningsrol in hierdie kleuters se lewens. Hierdie feit het egter nie uit die ondersoek gevolg nie. Die kleuters sou verkies om deur 'n moeder of 'n ouma ondersteun

en versorg te word. Vier van die ses kleuters by die crèche wat aan die ondersoek deelgeneem het, verkies om deur een van hul ouers ondersteun te word, en die ander twee verkies hul ouma. Selfs al bestee hul ouers en/of oumas baie min tyd en aandag aan hulle, sou die kleuters hulle graag as hul vernaamste sosiale ondersteuningsisteme wou ervaar.

Die tweede groep kinders word primêr deur die ma versorg of as sy werk deur die ouma. Die kinders verkies om deur een van hul ouers of deur hul ouma versorg te word. Hierdie kinders ervaar dus hul ouers of grootouers as hul vernaamste ondersteuningsisteme. Dit kan wees omdat hulle op hierdie ouderdom nog baie min blootstelling het aan ander volwassenes buiten hul ouers en familie. Tog ervaar die crèche-kindere wat wel blootstelling aan ander volwassenes het ook hul ouers en familie as sosiale ondersteuningsisteme.

Hieruit volg dat vyfjarige kleuters in histories benadeelde gemeenskappe hul ouers en onmiddellike familie as hul belangrikste bron van ondersteuning ervaar of sou wou ervaar.

Hoewel die kleuters hul ouers en/of onmiddellike familie as hul sosiale ondersteuningsisteme ervaar, blyk uit die ondersoek dat dit nie werklik die geval is nie. Die meeste van die kleuters in beide groepe wat aan die ondersoek deelgeneem het, se ouers werk lang ure. Die moeders wat wel gedurende die dag by die huis is, is besig met huistake. Die kleuters word oor die algemeen aan hul eie lot oorgelaat waar hulle gewoonlik maar saam met ander kinders hulself in die strate besig hou. Die indruk wat

die ondersoeker gekry het, is dat die moeders oor die algemeen ongeduldig teenoor hul kleuters is en verkies dat hulle hulself buite moet besig hou. Dit het tot gevolg dat daar te min kommunikasie tussen die kleuter en sy moeder is. Hoofstuk 1 het begin met 'n aanhaling van Brierley ( 1994 : 3 ) wat daarop wys dat dit belangrik is dat daar met die kleuter gesels moet word. Daar is in die Literatuuroorsig van hierdie ondersoek verwys na Severe wat van mening is dat die ouer aktief moet bou aan sy kind se selfbeeld deur hom te respekteer, aan te moedig en te ondersteun. Die ouer moet daarop ingestel wees om die kleuter se positiewe gedrag te prys, en die kleuter moet ervaar dat sy ouers in hom glo. Dit kan slegs gebeur as daar gedurige gesprek tussen die ouer en die kleuter is. In die Literatuuroorsig is gewys op navorsing ( Wiechers 1996 : 175 ) wat toon dat kleuters se kognitiewe ontwikkeling optimaal bevorder word wanneer daar ouerbetrokkenheid ( of die betrokkenheid van 'n ander volwassene wat naby aan die kleuter is ), emosionele warmte en aanmoediging om vaardighede te bemeester, is. Deur die kleuter egter voortdurend by die huis uit te jaag om buite te speel en op hom te 'skel', laat die kleuter onbelangrik en in die pad voel. Uit gesprekke met die kleuters het die ondersoeker tot die gevolgtrekking gekom dat die kleuters ervaar dat hulle deur volwassenes 'gesien, maar nie gehoor behoort te word nie.'

Vir beide groepe kinders het armoede nie 'n drastiese invloed op hul basiese behoeftes nie. Al die gesinne kry in 'n mindere of meerdere mate finansiële swaar, maar daar is by geeneen van die gesinne 'n nypende tekort aan kos, klere of huisvesting nie. Die kleuters wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, ontbreek dus nie aan basiese behoeftes nie. Hulle word egter groot in 'n omgewing wat baie min stimulasie bied. Die ouers glo dat

geld nie uitgegee kan word op luukshede soos opvoedkundige speelgoed en boeke nie. Verder beskik hulle nie oor die kennis en vaardighede om met dit wat wel tot hul beskikking is hul kinders te stimuleer nie. Die ouers werk egter hard om in die basiese lewensbehoefes van hulle gesinne te voorsien en maak nie tyd om aandag aan hul kinders te bestee nie.

Uit die tekeninge, die wyse waarop die kinders die 5-baan kaart beheer het en die onderhoude het geblyk dat die kinders in die crèche meer gestimuleerd voorkom as die ander groep kinders. Hulle was meer vaardig in die beheer van die plasings op die 5-baan kaart, en hul tekeninge was op 'n meer gevorderde vlak as dié van die ander groep kinders. Die ouers van die crèche-kindere het oor die algemeen meer lonende werk. Dit het tot gevolg dat daar geld vir die kinders is om crèche toe te gaan waar daar meer blootstelling en stimulasie is as wat daar by die huis sou wees. Hulle is die hele dag in die teenwoordigheid van volwassenes wat met hulle gesels teenoor die ander groep kinders wat meestal met mekaar of alleen in die strate speel. Dit impliseer dat die groep kleuters van die crèche 'n beter geleentheid het om die formele skoolsituasie meer voorbereid tegemoet te gaan.

Uit die ondersoek het gevolg dat die vyfjarige kleuters wat aan die ondersoek deelgeneem het hul ouers of onmiddellike familie as sosiale ondersteuningsisteme sou wou ervaar. Uit bogaande bespreking het egter gevolg dat die ouers nie hul kleuters genoegsaam ondersteun nie. Dit is dus belangrik dat die ouers ingelig moet word omtrent hul verantwoordelikheid teenoor hul kleuters se vroeë ontwikkeling. Waar die ouers dan nog

steeds in gebreke sou bly om hul verantwoordelikheid na te kom, moet ander persone in die gemeenskap geïdentifiseer word om die ouers te ondersteun hierin. Die crèche-personeel en alle ander moontlike betrokkenes moet deel vorm van 'n ondersteuningsnetwerk.

## Hoofstuk 4

### Samevattende bevindinge, gevolgtrekkings, implikasies en aanbevelings

#### 4.1 Bevindinge en gevolgtrekkings

Die doel van hierdie werkstuk was om vas te stel hoe kleuters hul ondersteuningsisteme ervaar. In hoofstuk 1 is die probleem gestel, naamlik dat kleuters uit histories benadeelde gemeenskappe nie genoeg in hul vroeë kinderontwikkeling gestimuleer en ondersteun word nie. Dit het tot gevolg dat hierdie kinders wanneer hulle skool toe moet gaan nie gereed is vir die formele onderrigsituasie nie. Uit die literatuur ( sien hoofstuk 2 ) het telkens geblyk dat die ouers, en veral die moeder, 'n groot verantwoordelikheid en 'n groot rol te speel het in die kind se vroeë kinderontwikkeling. In 'n gemeenskap waar ouers in 'n stryd om oorlewing gewikkel is, het die vraag ontstaan of ouers in staat is tot hierdie verantwoordelikheid. Baie van hierdie kleuters se ouers werk. Die kinders word dus gereeld in die sorg van ander mense gelaat. Dit het gelei tot die vraag of daar sonder meer aanvaar kan word dat die kleuter sy ouers as sy vernaamste bron van ondersteuning ervaar.

In die ondersoek wat in hierdie studie gedoen is, is bevind dat die meeste kleuters hul ouers, en in die geval van 'n paar ander hul ouma, sien as die persone deur wie hulle graag ondersteun wil word. Dit het egter uit die ondersoek duidelik geword dat hierdie kinders min ondersteuning ten opsigte van hul vroeë kinderontwikkeling van hul ouers en

ook van hul oumas kry. Die ouers is in die eerste plek dikwels afwesig omdat hulle werk. Wanneer die ouer, spesifiek die moeder, wel by die huis is, bestee sy nog steeds baie min tyd aan haar kind. Dieselfde geld vir die oumas wat die kinders versorg. Baie van hulle is oud en nie meer lus om aandag en tyd aan die kinders te bestee nie. Tweedens gaan dit hier oor 'n tekort aan die nodige inligting. Die moeders en oumas beskik nie oor die nodige kennis en inligting nie. Hulle is nie bewus van die groot invloed wat hulle kan hê op die positiewe ontwikkeling van hul kinders nie.

Dit is dus belangrik dat die ouers en in baie gevalle ook die ouma in die eerste plek ingelig moet word dat hulle kleuters behoefte aan hulle aandag het. Die ouers en ouma moet verstaan dat hulle die vernaamste ondersteuningsisteme vir hul kleuters is. Verder moet die ouers toegerus word met inligting oor hoe om hul kleuters tydens hul vroeë kinderontwikkeling te ondersteun. Hieroor sal meer in die volgende afdeling uitgebrei word.

## **4.2 Opvoedkundige implikasies en aanbevelings**

### *4.2.1 Inleiding*

Die bevindinge van hierdie ondersoek hou bepaalde opvoedkundige implikasies in wat in ag geneem moet word in die aanbevelings. Uit die bevindinge van die ondersoek het gevolg dat die meeste vyfjarige kleuters wat aan die ondersoek deelgeneem het een van hulle ouers verkies as hul ondersteuningsstelsel. Die ouers dra egter self swaar aan



finansiële bekommernisse, lang werksure, min opleiding, ens. Gesien vanuit 'n ekosistemiese perspektief volg hieruit dat dit nie net die vyfjarige kleuter is wat ondersteuning nodig het nie, maar die hele gesin. Gilligan ( 2000 : 13 ) skryf die volgende oor ondersteuning aan die gesin:

*“Family support is about mobilizing support for children’s normal development; for normal development in adverse circumstances. It is about mobilizing that support in all the contexts in which children live their lives – family, school, peer group, sports team, church, and so on. It is about counteracting the corrosive potential of poverty and other harm that can befall children in disadvantaged communities. Family support is certainly about more than child protection in a narrow sense. It is about more than trying to prevent child abuse, important though that is. Child-focused family support is about supporting children’s social, psychological and educational development. It is about supporting their belonging to family, school and neighbourhood.”*

In die volgende afdeling word bespreek watter riglyne gevolg moet word om 'n intervensieprogram op te stel wat tot almal se voordeel sal strek.

#### 4.2.2 Intervensie

*“...if there is one general rule that can be used to guide intervention designs, it is ecological sensitivity. An analysis and understanding of both human and physical aspects of the context of intervention is an absolute prerequisite. Such analysis will reveal the*

*potential supports and threats to the proposed intervention, and will help define its limits. It also allows the intervention to be presented in an ethical manner, making clear to both the target community and to funders what is likely to be achieved and what is not”* (Dawes en Donald 2000 : 19 ).

Volgens Dawes en Donald ( 2000 : 1 ) moet diegene wat in die praktyk werk en navorsers met mekaar in gesprek tree voordat intervensieprogramme saamgestel word. Die gebrek aan gesprekvoering het dikwels tot gevolg dat daar groot bedrae geld in programme belê word wat oneffektief is en wat baie beter sou kon wees indien dit ‘n meer voldoende navorsingsbasis gehad het.

Die volgende beginsels moet volgens Dawes en Donald ( 2000 : 19—21 ) in ag geneem word wanneer intervensieprogramme beplan word :

- Intervensies moet tred hou met die ontwikkeling van die kind en moet geskied oor tydperke.

Intervensies wat slegs fokus op korttermynoplossings vir ‘n spesifieke ontwikkelingsfase of –tydperk kan volgens Dawes en Donald ( 2000 : 20 ) suksesvol wees vir ‘n sekere tydperk. Dit is egter nie seker dat die invloed van hierdie intervensies verder sal strek wanneer die kind ‘n volgende konteks en tydperk van sy lewe bereik nie. Intervensies wat daarop gemik is om ‘n langtermyninvloed op ‘n kind te hê, sal dan ook ondersteuning in die verdere ontwikkeling en verloop van die kind se lewe moet bied.

*“Early intervention simply cannot overpower the effects of poor living conditions, inadequate nutrition and health care, negative role models, and substandard schools”*

(Dawes en Donald 2000 : 20 ).

‘n Program vir vroeë kinderontwikkeling is nie genoeg nie, maar moet uitgebrei word na die res van die gemeenskap.

- Waar moontlik moet intervensies op veelvoudige vlakke plaasvind.

Dit moet dus op al die vlakke waar die kind op die gegewe stadium betrokke is geïmplimenter word – in sy gesin, die groter familie, die kerk en die res van die gemeenskap.

- Intervensies moet sensitief wees vir die kultuur van die gemeenskap.

Kultuur omhul alle kontekste waarbinne ‘n kind ontwikkel. Kultuur struktureer die ‘omgewings’ waarbinne die kind se aktiwiteite plaasvind. Dit bepaal hoe kinders se behoeftes gesien en verstaan word. Dit skryf voor wat aanvaarbare gedrag is op verskillende ouderdomme en vir verskillende geslagte. Kultuur dui ook op tekens van kinders se welsyn of hulle nood. Deur hierdie aspekte rondom die kultuur van ‘n gemeenskap te ignoreer, kan dit tot gevolg hê dat toegang tot die gemeenskap verhinder word en dat die effektiwiteit van ‘n program verlaag word.

'n Voorbeeld hiervan is ouers wat hulle kinders slaan. Hoewel dit oënskynlik disfunksioneel lyk, glo die ouers dat dit die beste manier is om hul kinders te dissiplineer. Die ouers moet op 'n sensitiewe manier oortuig word dat 'n verandering in hul gedrag ten opsigte van hierdie gebruik tot voordeel van hulle kinders sal wees. Om dit reg te kry sal dit egter nodig wees dat 'n intervensieprogram die kennis, waardes en gewoontes van die gemeenskap sal erken ( nie noodwendig aanvaar nie ). Dan sal dit makliker wees om diegene wat gehelp word sover te kry om hulle samewerking te gee.

- Intervensies moet deelname van die hele gemeenskap bevorder

Dit sal tot gevolg hê dat die program ondersteun word omdat dit erkenning gee aan die gemeenskap se behoefte om met die projek te identifiseer. Meer ondersteuning sal gekry word indien lede uit die gemeenskap betrek word by die program. Laasgenoemde kan tot gevolg hê dat lede van die gemeenskap sleutelaspekte van die program op die lange duur kan bestuur. Omdat mense van die gemeenskap 'n goeie begrip het van die kinders se leefwêreld kan hulle 'n bydrae lewer ten opsigte van wat suksesvol sal wees en wat nie sal slaag nie. Deur almal te betrek sal tot gevolg hê dat positiewe verhoudings tussen lede van die gemeenskap ontwikkel. Hierdie positiewe verhoudings kan tot gevolg hê dat gesinne minder geïsoleerd funksioneer en dat ondersteuning aan versorgers toeneem. Dit sal tot gevolg hê dat kinders se omstandighede verbeter.

#### 4.2.3 'n Intervensieprogram vir die Weskuse gemeenskap

Die ideaal is dat 'n omvattende intervensieprogram waarby die hele gemeenskap sal baatvind en wat aan die vereistes in die vorige afdeling voldoen, ontwikkel sal word. Die ouers, crèche-personeel en ander persone wat by hierdie kleuters betrokke is, moet van riglyne voorsien word om hul vyfjarige kleuters te stimuleer. Die riglyne soos uiteengesit in Bylaag 1 sal die ouers en ander betrokkenes in staat stel om kleuters op al hul vlakke van ontwikkeling te stimuleer en ondersteun.

Feitlik al die ouers van die kinders wat aan die ondersoek deelgeneem het, het aangedui dat hulle geïnteresseerd is in inligting oor hoe om hulle kinders ten opsigte van hulle ontwikkeling te stimuleer. Tog het hulle ook dadelik aangedui dat hulle tyd baie beperk is. Daar moet dus gepoog word dat riglyne aan die ouers nie baie van die ouers se tyd in beslag moet neem nie. Dit moet eerder deel van hul leefwyse word as 'n beslommernis waarvoor ekstra tyd ingeruim moet word. 'n Moeder moet byvoorbeeld van die aktiwiteite wat voorgestel word saam met die kleuter kan doen terwyl sy staan en kosmaak of besig is met die wasgoed.

Verder is dit belangrik dat die program bekostigbaar moet wees. Dit moet gebruikmaak van artikels wat in die huis of in die gemeenskap beskikbaar is.

Die hele gemeenskap moet betrokke raak en verantwoordelikheid aanvaar vir die opvoeding van die kinders. Nie net die ouers nie, maar ook ander persone wat die kleuters versorg, moet betrek word.

Die riglyne soos uiteengesit in die volgende afdeling moet by 'n inligtingsessie aan die betrokkenes verduidelik word. Die munisipale kliniek is gewillig om so 'n projek te ondersteun en sal hul geboue beskikbaar stel vir die inligtingsessie. By so 'n sessie moet 'n persoon uit die gemeenskap gekies word om die ouers te ondersteun en te motiveer. Dit moet 'n dinamiese persoon wees deur wie die opvoeding en ontwikkeling van jong kinders hoog op prys gestel word. Hierdie persoon kan byvoorbeeld reël dat alle moeders en ander persone wat by die kleuters betrokke is wat nie werk nie een oggend per maand bymekaarkom om mekaar te motiveer. By so 'n geleentheid kan hulle idees vir verdere aktiwiteite uitruil. Daar kan beplan word hoe materiaal bymekaargemaak kan word of hoe hulle dit onderling kan uitruil. 'n Spreker kan ook gereël word vir die byeenkoms. Die moeders wat hierdie byeenkomste bywoon, moet ander persone wat nie daar kan wees nie inlig en motiveer. Sodoende kan almal in die gemeenskap mekaar al meer begin ondersteun.

### **4.3 Leemtes in die ondersoek**

Die navorser is nie seker dat die ouers sowel as die crèche-hoof altyd die feite oorgedra het soos dit werklik is nie. Dit was asof hulle probeer het om 'n sekere beeld voor te hou, eerder as om die ware toedrag van sake na vore te laat kom. Die crèche-hoof het

byvoorbeeld elke keer dat sy 'n kleuter na die vertrek gebring het waar die ondersoek gehou is, vir die kleuter gesê om sy beste te probeer. Dit was asof sy die ondersoek gesien het as 'n toets van haar bekwaamhede.

Die ondersoeker was tweedens by enkele gevalle onseker of die kleuter verstaan het waarom die 5-baan kaart gegaan het. Vir hierdie gevalle moes die ondersoeker hoofsaaklik op die onderhoude staatmaak eerder as op die inligting wat verkry is van die betrokke kleuter se 5-baan kaarte.

Laastens het die ondersoeker se bewustheid van die deelnemers aan die ondersoek se etiese regte 'n demper op die ondersoek geplaas. Die ondersoeker was so bewus dat sy uit 'n totaal ander milieu as dié van die deelnemers kom en het probeer vermy om aanstoot te gee dat dit haar verhoed het om by al die antwoorde uit te kom.

#### **4.4 Aanbevelings vir verdere navorsing**

Daar moet meer interaksie tussen die ondersoeker en die kleuters wees voordat die ondersoek begin sodat die kleuters die ondersoeker vertrou teen die tyd wat met die werklike ondersoek begin word.

Daar kan gepoog word om die 5-baan kaart nog meer kindervriendelik te maak vir kinders op so 'n jong ouderdom. Verder moet die kleuter voor die aanvang van die

ondersoek meer blootgestel word aan die 5-baan kaart sodat hy vertrouwd daarmee is wanneer die werklike ondersoek begin.

Meer navorsing moet oor die behoeftes van die betrokke gemeenskap gedoen word sodat 'n intervensieprogram wat voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in afdeling 4.2.2 en waarby die hele gemeenskap baat sal vind, saamgestel kan word.



## BYLAAG 1

### Riglyne aan die ouers, crèche-personeel en ander rolspelers

#### 1. Fisieke ontwikkeling

##### A1 GROOTMOTORIESE ONTWIKKELING

Grootmotoriese ontwikkeling dui op die versterking van die grootspiere van die liggaam en die koördinasie tussen hierdie spiere.

Balans verwys na die kind se vermoë om ewewig te behou.

- staan hande-viervoet / een-been / op die tone
- loop vorentoe en agtertoe op die tone
- spring een-been
- spring soos 'n padda
- loop soos 'n krap
- loop voetjie vir voetjie op 'n streep / die randsteen van die sypaadjie
- fietsry

Liggaamsbeeld verwys na die kind se ervaring van sy eie liggaam en wat hy daarmee kan doen.

- laat die kind voor die spieël staan en sy eie liggaamsdele uitwys en benoem
- uitwys en die noem van liggaamsdele met behulp van speletjies en rympies soos die volgende :

Handjies klap,

voetjies stap,

ogies kyk,

neusie snuit,

mondjie fluit,

kinnebak,

gorrelgat,

doedelsak

- Laat die kind verskillende liggaamsdele uit ou tydskrifte uitknip en dan vanaf die kop tot by die voete op 'n vel papier vasplak; dit maak nie saak as die dele nie in verhouding is nie, maar bespreek dit met hom
- Teken prentjies van mannetjies op papier. Laat bekende liggaamsdele weg. Die kind moet die fout uitwys en regmaak as hy kan.

Kruising van die middellyn dui daarop dat dele van die regterkant van die liggaam in die uitvoering van take verby die middellyn van die liggaam tot aan die linkerkant beweeg word en andersom.

- Speel 'n speletjie waarin die kind 'n wilde dier van sy keuse is en so vinnig as moontlik van die ouer wat die jagter is, wegkruip.
- Laat die kind sywaarts loop met gevoude arms. Elke tweede keer dat hy tree, moet hy sy bene kruis – eers voor, dan agter, weer voor, dan agter, ensovoorts.

Lateraliteit is die kind se bewustheid van die linker- en regterkant van sy liggaam en dat dit van mekaar verskil.

- Laat die kind speel dat hy 'n soldaat is wat moet marsjeer, terwyl die ouer aanvanklik vir hom *links, regs, links, regs* uitroep. Later kan hy dit self doen.
- Speel u kind is 'n sirkusapie wat moet leer om toertjies te doen. Terwyl hy hande-  
viervoet staan, moet hy die volgende doen:
  - Een hand in die lug steek
  - Een been in die lug steek
  - Die linkerbeen en regterarm oplig

- Die linkerarm en regterbeen oplig
- ( raak aan die betrokke arm of been as hy nog nie self links en regs kan uitken nie )
  - Trek groot sirkels ongeveer 30cm uitmekaar in die sand. Laat die kind van die een sirkel na die volgende spring. Soos hy vorder kan die sirkels verder uitmekaar geteken word.
  - Doen die vorige oefening maar laat die kind soos 'n padda spring.

Grootmotoriese ontwikkeling dui op die ontwikkeling en versterking van die grootspiere in die liggaam.

- Laat die kind kruip, rol, hardloop en klouter.
- Leer die kind bollemakiesie slaan.
- Laat die kind die volgende springspeletjies speel :
  - Maak hasie- of paddaspronge vanuit 'n gehurkte posisie – later van een kol na 'n ander.
  - Spring ongeveer een meter ver terwyl hy op beide voete land.
  - Spring ongeveer een meter ver op een been.

- Spring so hoog as moontlik in die lug, hande bo die kop.

Ruimtelike oriëntasie is die kind se bewustheid van sy liggaam se posisie in die ruimte en se posisie ten opsigte van ander mense en voorwerpe.

- Gebruik 'n ou kussingsloop. Die kind moet met 'n voet in elke hoek van die kussingsloop klein treëttjies gee terwyl hy die bokant van die sloop met sy hande vashou.
- Gebruik 'n lae tafeltjie of stoel vir die volgende oefening. Die aktiwiteit moet dikwels herhaal word totdat die ouer seker is dat hy die vyf posisies goed verstaan :
  - Laat die kind *op* die tafel klim.
  - Laat die kind *onder* die stoel sit.
  - Laat die kind *langs* die tafel staan.
  - Laat die kind *agter* die tafel staan.
  - Laat die kind *voor* die tafel staan.
- Wanneer hy bogenoemde aktiwiteit goed verstaan en goed kan doen, kan die ouer hom begin uitvra oor die posisie van die tafel :
  - Is die tafel nou *bo* of *onder* jou?
  - Is die tafel nou *voor* of *agter* jou?

- **Waar** is die tafel nou?
  
- Gee vir die kind aktiwiteite soos die volgende :
  - Gaan haal die beker wat **langs** die ketel **op** die kas **in** die kombuis staan.
  - Gaan haal die boek wat **langs** die skoene lê **onder** die bed **in** die kamer.
  - Tel die trui **agter** die bank op.

## A2 KLEINMOTORIESE ONTWIKKELING

**Kleinmotoriese ontwikkeling dui op die versterking van die fyn spierbewegings in die liggaam.**

Oog-voetkoördinasie dui op die kind se vermoë om take wat deur die oë gelei word met die voete uit te voer.

- Laat die kind op 'n tou of streep vorentoe /agtertoe /wydsbeen /oorkruis loop.
  
- Laat die kind 'n potlood tussen sy groottoon en volgende toon vassknyp. Dan moet hy patrone daarmee op 'n stuk papier trek, eers met die een voet en dan die ander.
  
- Laat die kind met 'n bal dribbel, eers met die een voet dan met die ander.

Oog-handkoördinasie dui op die kind se vermoë om take wat deur die oë gelei word met die hande uit te voer.

- Laat die kind 'n groot stuk papier slegs met die een hand opfrommel, eers met die een hand, dan met die ander hand.
- Knip vir hom lang repe papier wat hy dan verder met 'n skêr in blokkies opknip. Soos hy beter beheer oor die skêr kry, kan die repe al breër geknip word.
- Laat hom bottels se proppe los en vas draai.
- Laat die kind 'n klomp klein klippies optel. Dan moet hy die klippies een vir een in 'n botteltjie ingooi.
- Laat die kind wasgoedpennetjies al om 'n stuk papier vasknyp. Wanneer hy dit goed kan regkry, kan hy klein klippies met 'n wasgoedpennetjie optel en in 'n houertjie gooi.
- Laat die kind sade / krale / pastapenne inryg.
- Laat hom ryskorreltjies een vir een optel en in 'n houertjie gooi.

Oogbewegings dui op die kind se vermoë om goeie beheer oor sy oogspiere te kan uitoefen. Dit sal hom later veral help om vinniger en meer effektief te lees.


- Hang 'n balletjie of enige ander voorwerp aan 'n toutjie op die kind se ooghoogte en die lengte van 'n liniaal van sy gesig af. Laat die voorwerp heen en weer swaai, terwyl die kind se oë die voorwerp volg sonder om sy kop te draai. Doen dit met die kind terwyl hy sit / staan / op sy rug lê.
- Laat die kind sy arms voor hom uitstrek met sy duime omhoog gehou. Hy moet sy oë heen en weer tussen die twee duime beweeg sonder om sy kop te beweeg.

Handvaardigheid dui op die kind se vermoë om die fynspiere in sy hande goed te kan gebruik. Dit sal die kind later help om netjieser te skryf en teken.

- Moedig die kind aan om te teken, veral dinge wat met hom gebeur het.
- Leer die kind om 'n sirkel, vierkant en 'n kruis te teken. Begin met 'n sirkel. Later kan hy 'n driehoek en reghoek leer teken.
- Teken enige vorm / prentjie, maar nie met vol lyne nie. Teken net kolletjies. Dan moet die kind die kolletjies verbind. Hy moet probeer om nie sy hand van die papier af op te lig nie.



- Teken een driehoek binne 'n ander een. Die kind moet dan probeer om met 'n ander kleur vetkryt / potlood tussen die dubbelyne te trek sonder om daaraan te raak. Doen dit ook met 'n sirkel / vierkant / reghoek.
- Trek 'n spiraal met 'n roomys in die middel. Sê vir die kind dat hy graag die roomys wil eet en met sy potlood 'n streep tot by die roomys moet trek sonder om aan die ander lyne te raak.



Skeppende aktiwiteite of kuns bied vir die kind wie se taalvermoë op hierdie ouderdom nog beperk is die geleentheid om uitdrukking te gee aan sy emosies soos blydschap, angs, aggressie, ensovoorts.

- Laat die kind gereeld teken met vetkryte / kokis / potloodkryte.

- Laat hom teken hoe hy voel as hy
  - ongelukkig voel
  - hartseer voel
  - bly is
  - kwaad is, ensovoorts
  
- Laat die kind verf.
  
- Laat die kind uit kartonbokse, byvoorbeeld leë papbokse, sigaret- en vuurhoutjiebokse en toiletrolle, die volgende konstruksies bou en met gom plak ( leë melkbottels en allerhande grootte doppies kan ook gebruik word ) :
  - 'n trein
  - 'n pophuis
  - 'n verkyker
  - 'n karretjie, ensovoorts
  
- Laat die kind stukkies papier uit ou tydskrifte skeur. Dan kan hy in plaas van om die volgende prentjie in te kleur, dit toeplak met die geskeurde stukkies papier. Hy kan ook gebreekte eierdoppe, fyn sand, houtsaagsels en enigietsanders uit die natuur daarvoor gebruik. Hierdie kunsaktiwiteit word *collage* genoem.



- As die kind self iets wil skep, moet hy aangemoedig word om dit te doen. Al lyk dit asof dit 'n groot gemorsery gaan wees, moet dit nooit vir hom gesê word nie. Dit sal sy kreatiwiteit en eie inisiatief beperk. Sy totale ontwikkeling sal daarby baatvind as hy kan leer dat 'n mens uit afval iets mooi en positief kan skep.

#### 4.2.4.2 Kognitiwe ontwikkeling

##### A1 VISUELE PERSEPSIE

**Visuele persepsie is die kind se vermoë om met behulp van sy brein dit wat sy oë sien te verstaan.**

Visuele diskriminasie is die kind se vermoë om met sy oë verskille tussen dinge raak te sien.

- Knip uit dieselfde kleur papier ses of meer driehoeke, ses of meer sirkels, ses of meer vierkante (soos die kind vorder kan ander vorms of simbole bygevoeg word, byvoorbeeld reghoeke / harte / ovaal vorms, ensovoorts ). Dan moet die kind al die driehoeke op een hopie pak, dan al die vierkante, ensovoorts.
- Laat die kind enigiets anders in die huis in groepe maak wat bymekaar hoort, byvoorbeeld wanneer u wasgoed opvou, kan hy al die broeke / hemde /sokkies sakdoeke in afsonderlike hopies pak.
- Laat die kind vuil wasgoed sorteer volgens lig en donker kleure.
- Laat die kind enigiets in die huis volgens kleure sorteer, byvoorbeeld blou knope / rooi knope / geel knope / groen knope op verskillende hopies.
- Laat die kind al die skoene in die huis volgens grootte sorteer, byvoorbeeld al die grootste skoene ( pa se skoene ) op een hopie, skoene net 'n bietjie kleiner ( ma se skoene ) op 'n hopie, en die kleinste skoentjies ( sy eie skoene ) op 'n ander hopie.

- Speel 'n speletjie waarin hy 'n voorwerp se maat moet soek. Pak die voorwerpe in die tweede lys hieronder op een hoop. Wys vir hom die voorwerpe in die eerste lys. Dan moet hy die voorwerp se maat op die hoop uitwys :

Strykyster                      Strykplank

Koppie                              Piering

Tafel                                Stoel

Mes                                 Vurk

Skroewedraaier                Skroef

Enigiets anders wat in die huis is

Visuele vormwaarneming en vormkonstantheid verwys na die kind se vermoë om tussen vorms en simbole ( asook die grootte, kleur, posisie en fatsoen daarvan ) te onderskei.

- Leer vir die kind die verskillende vorms : sirkel, driehoek, vierkant, reghoek.
- Teken die verskillende vorms vir die kind sodat hy dit kan nateken.
- Laat die kind in die vorm van 'n sirkel / driehoek/ vierkant /reghoek stap.

- Laat die kind vorms in die huis / buite soek, byvoorbeeld
  - 'n reghoekige deur
  - 'n vierkantige venster
  - 'n sirkelvormige koekie
  - 'n toebroodjie wat in driehoeke gesny is

Visuele voorgrond-agtergrond-onderskeiding is die kind se vermoë om die geheel met sy verskillende onderdele waar te neem.

- Neem 'n prent waarop daar baie aktiwiteite is in 'n boek of tydskrif en laat die kind fyn detail uitwys. Gesels met hom daaroor.
- Knip enige prent in ag dele. Dan moet hy dit soos 'n legkaart bou.
- Neem enige kleinerige voorwerp, byvoorbeeld 'n speelding van die kind. Sit dit iewers tussen ander voorwerpe, maar nie heeltemal weggesteek nie. Dan moet die kind daarvoor soek.


Visuele analise en sintese is die kind se vermoë om 'n hele prent raak te sien, maar ook om die dele te kan opbreek en dan weer saam te voeg.

- Maak vir die kind nog legkaarte om te bou.
- Bou met ou boksies, toiletrolle en enigiets wat nog gevind kan word 'n konstruksie. Daar moet van alles wat die ouer gebruik het genoeg oor wees sodat die kind die ouer se konstruksie kan nabou.
- Laat die kind toe om voorwerpe in die huis uitmekaar te haal en dan weer terug inmekaar te sit. Laat hy byvoorbeeld 'n flits oopdraai, die batterye uithaal en weer terugsit.

Visuele geheue is die kind se vermoë om iets wat hy gesien het in die brein te stoor en dan later weer te herroep.

- Plaas enige drie voorwerpe ( byvoorbeeld 'n potlood, 'n koppie, 'n skêr ) langs mekaar terwyl die kind nie kyk nie. Laat hom vir ongeveer 5-10 tellings daarna kyk, en bedek dit dan met 'n papier of stuk lap. Die kind moet dan die voorwerpe in dieselfde volgorde wat hy dit gesien het, opnoem. Maak die hoeveelheid voorwerpe meer soos hy vorder.
- Plaas die voorwerpe soos hierbo in 'n ry, maar neem dan nadat hy daarna gekyk het een van die voorwerpe weg sonder dat hy sien watter voorwerp. Laat hom weer na die voorwerpe onder die lap kyk. Hy moet sê watter voorwerp weggeneem is.


- Laat die kind vir 'n tydjie na die volgende prentjie kyk. Neem die prentjie weg en bespreek dit dan sonder dat hy die prent sien. Vra onder andere die volgende vrae
  - Watter kleur is die motor?
  - Hoeveel mense is in die motor?
  - Wat het die meisie wat by die venster uithang in haar hande?
  - Watter een van die drie in die motor het 'n hoed op die kop?



Visuele patroonvolging dui op die kind se vermoë om 'n herhalende patroon raak te sien.




- Teken vir die kind die volgende patrone wat hy dan verder moet teken :



- Pak vir die kind met vuurhoutjies patrone wat hy verder moet pak.

Visuele sluiting is die kind se vermoë om die geheel raak te sien al het hy nie die geheel met sy oë gesien nie.

- Teken vir die kind halwe sirkels / vierkante / driehoeke of selfs prentjies wat hy dan moet voltooi, byvoorbeeld :



**Ouditiewe persepsie is die kind se vermoë om met behulp van sy brein dit wat hy hoor te verstaan.**

Ouditiewe diskriminasie is die kind se vermoë om geluide en klanke te kan onderskei en identifiseer asook ooreenkomste en verskille tussen klanke te kan hoor.

- Maak die kind bewus van verskillende klanke in die omgewing ( vliegtuie, ambulanse, wekker, ens. ) sowel as in die natuur ( branders wat breek, seemeue, reën, wind, ens. ).
  
- Speel speletjies soos die volgende :
  - Watter woord is anders ? mat kat mat
  - Kies die regte woord : Ek eet sap lap pap.
  - Sê die woord *skilpad*, maar moenie die *skil* sê nie.

Ouditiewe volgorde-geheue is die kind se vermoë om 'n reeks opeenvolgende klanke en woorde in die regte volgorde te onthou.

- Leer vir die kind liedjies of rympies.
  
- Speel herhaal-speletjies. Sê vir die kind een van die volgende reekse wat hy dan agterna moet herhaal. Soos wat hy beter beheer kry, kan die reekse langer gemaak word.
  - son mat bed bus
  - een ag drie sewe
  - enige sin wat hy presies net so moet herhaal

### A3 WISKUNDIGE ONTWIKKELING

- Tel daaglik voorwerpe saam met die kind, byvoorbeeld appels, bekere klippies, wasgoedpennetjies, ens.
  
- Leer die kind om tot by 20 te tel.
  
- Tel vir die kind tot by 10. Laat elke keer een getal uit, dan moet hy sê watter getal dit is.
  
- Vra vir hom vrae soos die volgende :
  - Watter is die meeste / minste?

- Watter is meer / minder?
  - Watter is min of baie?
  - Wie was eerste / laaste?
  - Watter potlood is die langste / kortste?
  - Gee vir my 'n klippie wat groter / kleiner as hierdie klippie is.
  - Watter klip voel die swaarste / ligste?
  - Watter glas is voller / leër?
  - Watter glas is propvol / dolleeg?
  - Watter dier in die veld stap baie stadiger as al die ander diere?
- 
- Wys en leer vir hom verskillende geldstukke deur saam met hom winkel-winkel te speel.

#### A4 TAAL EN DENKE

- Neem so dikwels as moontlik boeke by die biblioteek uit en lees gereeld vir die kind stories en rympies. Om vir 'n kind stories te lees of te vertel is een van die aktiwiteite waarby hy die meeste baat kan vind.
- Gesels baie met die kind. Gesels met hom oor alledaagse dingetjies in sy lewe. Verwys na dit wat reeds gebeur het ( gebruik woorde soos gister / eergister / drie dae gelede ) en na dit wat nog gaan gebeur ( gebruik woorde soos môre / oormôre / oor drie dae ).

- Bespreek met die kind hoe hy sekere probleme sal aanpak, byvoorbeeld :
  - Wat sal jy doen as jy dors is?
  - Wat sal jy doen as jy die deur wil oopmaak, maar dit is gesluit?
  - Wat sal jy doen as jy koud kry?
  - Wat sal jy doen as jy te warm kry?
  
- Wys vir die kind 'n prentjie waaroor hy dan self 'n storie moet uitdink.
  
- Vra die kind om een woord te noem vir:
  - piesangs, appels, pere, lemoene
  - krieket, rugby, sokker, tennis, netbal
  - tafel, stoel, kas, bed
  - wortels, pampoen, kool, spinasie
  - broek, hemp, trui, rok, baadjie
  - poppe, karretjies, balle
  
- Vra vir die kind om die verskille tussen dinge te beskryf, byvoorbeeld :
  - 'n motor en 'n bus
  - 'n skool en 'n winkel

- 'n kat en 'n hond
- 'n brood en 'n klip
  
- Vra taalraaisels soos die volgende:
  - Wat het ore, maar kan nie hoor nie?      koppies
  - Wat het tande, maar kan nie kou nie?      'n kam
  - Wat het oë, maar kan nie sien nie?      naalde
  - Wat het nekke, maar kan nie sluk nie?      bottels
  - Wat het pote, maar kan nie loop nie?      tafel / stoel
  - Wat het 'n voet, maar kan nie loop nie?      'n berg

### 3 Sosiale ontwikkeling

**Sosiale ontwikkeling dui op die kind se vermoë om sy gedrag aan te pas by die sosiale situasie en by die gedrag van ander mense. Die belangrikste manier waarop die kind sy sosiale gedrag ontwikkel is deur na die voorbeeld van sy ouers en ander volwassenes met wie hy in aanraking kom te kyk.**

Sosiale vaardighede wat aangeleer moet word :
---

- Dit is baie belangrik dat 'n kind moet leer om te deel. Hy moet leer om sy speelgoed met ander maatjies te deel, maar hy moet ook leer om die aandag van volwassenes ( ma / pa / ouma / oupa, ens. ) te deel, bv. om sy beurt af te wag as sy ma besig is om met iemand anders te praat.
  
- Die kind moet leer om begrip te hê vir ander mense se manier van dinge doen en vir ander mense se gevoelens. Een van die beste maniere waarop hy dit kan leer, is deur met hom te gesels daaroor, byvoorbeeld :
  - “Hoe dink jy hoe voel jou maatjie nou?”
  - “Hoe sou jy voel as dit met jou gebeur het?”
  - “ Ek dink hy sal beter voel as jy hom ‘n bietjie troos.”
  - Wys vir die kind prentjies van gesigte met verskillende emosies daarop en gesels met hom daaroor, byvoorbeeld ‘n vrolike gesig, ‘n hartseer gesig, ‘n kwaai gesig, ensovoorts. Dink saam met die kind ‘n storie uit rondom die gesig.
  
- Die kind moet leer om hulpvaardig op verskeie gebiede te wees, byvoorbeeld :
  - Om te help opruim en met ander huistakies te help
  - Om iets vir iemand aan te gee
  - Om ‘n kleiner boetie / sussie te leer om iets te doen

- Om vir iemand 'n plan te help maak, ensovoorts.
  
- Die kind moet leer dat elke mens regte het, hy inklusief. Dit beteken egter nie dat alles altyd net na sy sin kan wees nie. Sy behoeftes sowel as almal om hom se behoeftes moet in ag geneem word.
  
- Soos die kind ouer word, raak sy behoefte aan vriende groter. Die ouer moet die kind op die volgende maniere help om vriendskappe te bevorder :
  - Moedig die kind aan om vriendelik te wees en ignoreer onvriendelike en afsydige gedrag. Prys die kind as hy positiewe gedrag toon.
  - Leer vir die kind vaardighede aan wat ander kinders van hom sal laat hou, byvoorbeeld om vir iets te vra en nie sommer net te gryp nie.
  - Skep geleentheid waar die kind met ander maatjies kan speel.

#### 4 Emosionele ontwikkeling

**Om emosioneel gebalanseerd te wees moet die kind leer om sy emosies te hanteer.**

Emosionele vaardighede wat aangeleer moet word :
--



- Laat die kind verstaan dat die ouer begrip het vir enige emosie ( byvoorbeeld angs, woede, vreugde, jaloesie, enssovoorts ) wat hy ervaar.
  
- Dit is egter baie belangrik dat die kind moet leer om oor sy emosies te praat. Doen dit met behulp van die volgende :
  - Vra hom waarom hy kwaad / hartseer / bang / vrolik ensovoorts is.
  - Laat hom teken hoe hy voel en bespreek dit saam. Laat hom voel dat die ouer verstaan.
  
- Moenie negatiewe emosies ignoreer nie, want dit sal nie vanself weggaan nie. Praat met die kind daaroor.
  
- As die kind baie ontsteld is en huil, moet hy eers getroos word. Soms is dit beter om die situasie wat hom ontstel het eers later in plaas van dadelik met hom te bespreek.
  
- As die kind oor 'n lang tydperk 'moeilik' is, is daar moontlik iets wat hom ontstel. Die ouer moet probeer vasstel wat dit is, byvoorbeeld :
  - Kry hy genoeg aandag en liefde by die huis?
  - Pas die ouer dissipline altyd op dieselfde manier toe sodat hy dit kan verstaan?

- Kry hy genoeg slaap?
  
- Dit is die ouer se verantwoordelikheid om toe te sien dat die kind 'n positiewe selfbeeld ontwikkel, dit wil sê hy moet positief oor homself dink. Die ouer kan dit help bevorder deur die volgende te doen :
  - Die ouer moet die kind aanvaar soos hy is.
  - Moenie hom met maatjies of ouer boeties / sussies vergelyk nie.
  - Konsentreer op die positiewe dinge wat hy doen. Prys hom daarvoor en die ouer moet hom vertel hoe trots hy / sy op hom is.
  - Laat hom toe om foute te maak en help hom om daaruit te leer. Moet hom nie daarvoor verkleineer nie.
  - Leer vir die kind om selfstandig te kan dink, dit wil sê om vir homself te kan dink deur hom nie te veel wil beskerm nie.

## 5 Moreel-normatiewe ontwikkeling

Die voorbeeld van die ouer en ander volwassenes is deurslaggewend in die kind se moreel-normatiewe ontwikkeling.

- Die ouer moet die voorbeeld stel ten opsigte van onder andere die volgende aspekte :

- Wat reg en verkeerd / goed of sleg is
  
- Deur ander mense sonder enige voorwaardes in ag te neem, byvoorbeeld deur nie iemand net te help as hy eers vir u gehelp of betaal het nie
  
- Deur verantwoordelik op te tree en verantwoordelikheid vir dade te aanvaar. As iets skeef geloop het as gevolg van die ouer se besluite, kan hy nie vir iemand anders kwaad wees nie.
  
- Deur goeie maniere te hê
  
- Deur respek vir ander mense te toon
  
- Deur skuld te erken as die ouer verkeerd opgetree het en berou daarvoor te hê

## **Bronnelys**

Biersteker, L., Robinson, S. ( 2000 ). Social-economic policies: Their impact on children in South Africa. In D. Donald, A. Dawes, J. Louw ( Eds. ), Addressing Childhood Adversity. ( pp. 26-59 ). Cape Town: David Philip Publishers.

Bless, C., Higson-Smith, C. ( 2000 ). Social Research Methods. An African Perspective ( 3<sup>rd</sup> ed. ). Lansdowne: Juta Education.

Dawes, A., Donald, D. ( 2000 ). Improving children's chances: Developmental theory and effective interventions in community contexts. In D. Donald, A. Dawes, J. Louw ( Eds. ), Addressing Childhood Adversity. ( pp. 1-25 ). Cape Town: David Philip Publishers.

Brierley, J. ( 1994 ). Give me a child until he is seven. Brain studies & Early Childhood Education ( 2<sup>nd</sup> ed. ). London: The Falmer Press.

Deetlefs, G., Kemp, J. ( 1996 ). Ken die kind – 'n praktiese handleiding ( 2de uitgawe ). Sunridge Park: Ken die kind Kwick Pick.

De Wet, M., Khrehloa, T., Masheane, M., Botes, L. ( 2001 ). Monitoring an Early Childhood Development Programme: From guessing to knowing. Social

Work, 37(4), 365-378.

De Witt, M.W., Booysen, M.I. ( 1995 ). Focusing on the Small Child. Insights from Psychology of Education. Pretoria: Acacia Books.

Dicker, A., Ferreira, G.V., Pretorius, J.W.M. ( 1996 ). Ouerbegeleidingsbehoefte van die milieubenadeelde ouer ten opsigte van sy kleuter. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 36(2), 139-145.

Die Burger. 27 April 2002. Vakbonde gee Asmal E-simbool vir onderwys.

Donald, D., Lazarus, S., Lolwana, P. ( 1997 ). Educational psychology in social context. Challenges of development, social issues & special need in Southern Africa. A teacher's resource. Kaapstad: Oxford University Press.

Dworetzky, J.P. ( 1996 ). Child Development ( 6<sup>th</sup> ed.). St. Paul: West Publishing Company.

Eloff, I. ( 2001 ). Promoting development during the early years. In P. Engelbrecht, L. Green ( eds. ), Promoting Learner Development. Preventing and working with Barriers to Learning. ( pp. 59-77 ). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fogel, A., Melson, G.F. ( 1988 ). Child Development. Individual, Family and Society.

St. Paul: West Publishing Company.

Gilligan, R. ( 2000 ). Family Support: Issues and Prospects. In J. Canavan, P.Dolan,

J. Pinkerton ( eds. ), Family Support. Direction from Diversity. (pp.13-34).

London: Jessica Kingsley Publishers.

Gottman, J., De Claire, J. ( 1997 ). The heart of parenting. How to raise an emotionally

intelligent child. London: Bloomsbury Publishing.

Klugman, G. ( 2002 ). Addressing Malnutrition in South Africa.

( 18 Aug. 2002 )

Leedy, P.D. ( 1997 ). Practical Research. Planning and Design. New Jersey: Prentice

Hall.

Luthar, S.S. ( 1999 ). Poverty and Children's Adjustment. London: Sage Publications.

Maguire, L. ( 1991 ). Social support Systems in Practice. A Generalis Approach. Silver

Spring: NASW Press.

Merriam, S.B. ( 1998 ). Qualitative Research and Case Study Applications in Education:

Revised and expanded from Case Study Research in Education.

California: Jossey-Bass.

Mertens, D.M. ( 1998 ). Research Methods in Education and Psychology, integrating

Diversity with Qualitative Approaches. California: Sage.

Moletsane, M.E., Bouwer, A.C. ( 2000 ). Criteria for effective pre-literacy education in

daycare centres in informal settlements. Journal of Education and

Training, 21(2), 30-43.

National Department of Education. ( 1997 ). Interim Policy for Early Childhood

Development.

NCEDL Spotlights. ( 1998 ).

Perry, B.D. ( 2001 ). Bonding and Attachment in Maltreated Children. Consequences of

Emotional Neglect in Childhood.

( 4 Aug. 2002 )

Practica. ( 1996 ). Omvattende gids vir Individuele Stimulasie.

- Pretorius, A., Viljoen, J. ( 1999 ). Die affektiewe skoolgereedmaking van die milieubenadeelde voorskoolse kind. Tydskrif vir Opvoeding en Opleiding, 20(1), 1-11.
- Samuelsson,M., Thernlund,G., Ringström, J. ( 1996 ). Using the Five Field Map to describe the Social Network of Children: A Methodological Study. International Journal of Behavioral Development, 19(2), 327-345.
- Severe, S. ( 2000 ).How to behave so your children will, too! Parktown: Random House South Africa.
- Wiechers, E. ( 1996 ). Early cognitive enrichment – linked to language acquisition. In P. Engelbrecht, S.M. Kriegler, M.I. Booyesen ( eds. ), Perspectives on Learning Difficulties. International concerns and South African realities. ( pp.175-184 ). Pretoria: J.L. van Schaik.